

A.3.3 VERSLAG VAN DIE ALGEMENE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS: *BEDIENING*

1. PUBLIKASIES EN STUDIESTUKKE

(Handelinge 2004:366 pt.8.9.2)

1. Die Algemene Sinode dra dit aan die AKGA op om, in oorleg met die Taakspan Media, daadwerklik mee te werk aan die daarstel van gesamentlike publikasies.

2. Die Sinode dra dit aan die AKGA en die Taakspan Media op om wyses te ondersoek waarop nouer skakeling en samewerking ten opsigte van die amptelike publikasies van die onderskeie kerke bewerkstelling kan word.

1.1 Die uitvoering van die opdragte het tot dusver veral neerslag gevind in die voorbereiding van die materiaal vir Week van Gebed en Pinkster. Sowel die taakspanne as die redaksionele komitees van beide projekte is saamgestel uit verteenwoordigers van die ADD en die ADGO, asook verteenwoordigers van die ander drie kerke.

1.2 Bybelmedia het aangebied om vanaf April 2007 op gereelde basis 'n bladsy in die Kerkbode te borg vir die bekendstelling en bevordering van die kerk se Diens en Getuienis. Dr Van Deventer is aangestel as die koördineerder van hierdie projek.

1.3 Die ADD het die behoefte aan 'n nuwe teologiese handboek vir Diakonaat en Missiologie wat Diens en Getuienis (missionêre diakonaat) as vertrekpunt het, geïdentifiseer. Na gesprekke met CLF en ISWEN is besluit dat die publikasie onder die vaandel van ISWEN ontwikkel sal word en dat CLF die aanvanklike koste sal borg. 'n Klein redaksionele komitee van kundige persone wat verteenwoordigend van verskillende teologiese dissiplines, sowel as die kerke in die NG Kerkfamilie is, is saamgestel. Daar is verder besluit om 'n paneel van skrywers uit sowel die teologiese opleidingsentra as die verskillende kerke in die NG Kerkfamilie te nooi om in die projek saam te werk.

2. SONDAG VIR BARMHARTIGHEID

2.1 Die Sondag vir Barmhartigheid is vroeër deur die Algemene Sinode van die VGKSA goedgekeur as 'n projek vir die VGKSA wat fokus op die kerk se barmhartighedsbediening en om betrokkenheid daarby in gemeentes te bevorder. Toe die projek deur die VGKSA begin is, was dit deel van 'n breër ekumeniese projek. Op grond van die destydse poging om 'n Verenigde Kommissie vir Diakonaat daar te stel, is die Moderatuur versoek om dit goed te keur dat die NG Kerk by die projek betrokke raak. Die afgelope twee jaar is die projek via die sinodes aan gemeentes bekendgestel en 'n aantal gemeentes het hierby betrokke geraak. Die nuutgestigte Verenigde Diensgroep vir diens en getuienis sien die projek as 'n geleentheid om gemeentes te help met die ontwikkeling van hulle eie Diens en Getuienis en dit kan ook 'n goeie geleentheid wees om samewerking tussen gemeentes van die NG Kerkfamilie in 'n spesifieke gemeenskap te bevorder. Aangesien die VGKSA goedgekeur het dat die projek jaarliks in Augustus aangepak word en die Sondag vir Barmhartigheid dan op die laaste Sondag van die maand gevier word, het die ADD dit ook so by Sinodes en gemeentes aanbeveel. Dit is egter so dat die laaste Sondag vir Barmhartigheid in die NG Kerk gesien word as Bybelsondag. Daarom het die ADD met die VGKSA hieroor in gesprek getree en daar is ooreengekom dat dit gemeentes vry staan om die Sondag vir Barmhartigheid op enige Sondag in Augustus te vier.

2.2 AANBEVELING: SONDAG VIR BARMHARTIGHEID

Die Algemene Sinode versoek sinodes om gemeentes aan te moedig om betrokke te raak by die Sondag vir Barmhartigheidprojek.

3. Wêreldbeker-Sokkertoernooi 2010

3.1 Die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis het betrokke geraak by die Suid-Afrikaanse Sport Koalisie (SASCOL), 'n struktuur wat op die been gebring is om evangelisasieprogramme tydens die Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2010 te koördineer.

3.2 AANBEVELING: Wêreldbeker-Sokkertoernooi 2010

Die Algemene Sinode dra dit aan die ADD op om gereeld tersaaklike inligting in die verband aan sinodes te stuur en aan sinodes leiding te gee oor hoe gemeentes by die projek betrokke kan raak.

A.3.4 VERSLAG VAN DIE ALGEMENE DIENSGROEP ONDERSTEUNINGSDIENSTE: *BEDIENING*

A.3.4.1 ALGEMENE TAAKSPAN REGTE

1. KERKLIKE TRIBUNALE

1.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode 2002 het besluit:

“14.2 ARBEIDSVERHOUDINGE (562) - verwys na ATR en AKDV vir ondersoek:

1. Die Sinode besluit dat terwyl hy begerig is om 'n eie inhoud aan sy arbeidsverhoudinge te gee alles in werking gestel moet word ten einde te verseker dat die Kerk se aanspreeklikheid beperk sal word deur te bly by die bepalinge van die toepaslike arbeidswetgewing. Daarom dra die Sinode dit op aan die ASK tesame met die ATR om:

1.1 'n Kerklike tribunaal/ale te skep wat tug en arbeidssake teen werknemers kan hanteer.

1.2 Die registrasie van 'n werkgewersorganisasie te bewerkstellig.

1.3 Om leiding te gee sodat 'n werknemersorganisasie vir Kerklike werkers tot stand sal kom.

1.4 'n Sektorale bedingingsraad vir die Kerk te registreer ten einde 'n omvattende en afdwingbare arbeidsbediening tot stand te bring en in stand te hou.”

Die Algemene Sinode van 2004 het kennis geneem van die memorandum en dit ook verwys na die Taakspan vir verdere ondersoek.

Die ATR het prof P Coertzen aangewys om verantwoordelikheid vir hierdie opdrag te aanvaar.

Die Algemene Sinode 2002 het besluit:

“Die Sinode gee opdrag aan AKG en ATR om ondersoek te doen na die toepassing van die amptelike tug in die kerk op 'n eietydse wyse, en terug te rapporteer aan die volgende sinodesitting.” Die ATR-DB 02 en 03 het besluit om die insette van die AKG in te wag voor ons verdere aksie sal neem en om ook hierdie besluit na die ad hoc-taakspan vir tribunale te verwys. ATR-DB 05 het versoek dat prof Pieter Coertzen en drr Gerrit Cloete (sameroeper) en Botha van Aarde saam aandag gee aan hierdie ondersoek.

1.2 BEDIENINGSBEVOEGDHEID

1.2.1 Opdrag

Die Algemene Sinode 2002 het besluit:

“Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ATR om ondersoek te doen na die huidige reëlings met betrekking tot bevoegdheid van predikante en proponente met spesifieke verwysing na:

1 die moontlike struikelblok wat huidige reëlings tot gevolg het om proponente as predikante te bevestig;

2 die moontlikheid om predikantsbevoegdheid nie aan 'n gemeente te koppel nie;

3 die kerkordelike weg waardeur proponente in staat gestel kan word om in die kerk te werk.”

Die Algemene Sinode van 2004 het besluit:

Die Algemene Sinode verwys die beginsel aangaande die ruimte van Woordbediening (met behoud van bedieningsbevoegdheid) in die NG Kerk in organisasies en taakgroepe wat nie amptelik aan kerklike institute verbind is nie, na Taakspan Leer en Aktuele Sake samewerking met die ADGB en die Taakspan Regte vir verdere studie en aanbeveling aan die volgende Algemene Sinode. 'n Klein taakspan van kundiges word aangewys (en daar word daarvoor begroot) wat 'n omvattende ondersoek moet doen oor onder andere:

1. alle sake rakende die toetrede tot die bediening en die behoud van bedieningsbevoegdheid;

2. die problematiek rondom die predikant *“as werknemer van die kerkraad”* aan die een kant en sy ampsbevoegdheid kragtens sy legitimasie en bevestiging aan die ander kant;

3. of daar sekere bedieningstake (bv sakramentsbediening) slegs aan die bevestigde leraar toevertrou kan word en of sodanige take ook deur nie-bevestigde leraars uitgevoer kan word;

4. die moontlikheid van verskillende kategorieë van predikante, beide wat opleiding, legitimasie en verantwoordelikhede betref;

5. verdere sake deur die Algemene Sinode geïdentifiseer en verwys na die taakspan vir ondersoek. Hierdie ondersoek moet spoedeisend afgehandel word met verslag en afhandelingsbevoegdheid aan die ADL.

1.2.2 Uitvoering van die opdrag

1. Die opskrif by die besluite kan valslik die indruk laat dat die probleem net beperk is tot dames in die bediening. Die probleem het niks te doen met enige geslagsituasie nie.

2. Dit is uiters moeilik om te bepaal waar die struikelblokke lê. Met die feit dat gemeentes geredelik tentmakerposte skep en persone op so 'n manier redelik maklik tot die geleedere van geordende predikante

kan toetree, bly dit egter steeds moeilik om te bepaal welke probleme daar bestaan ten opsigte van enige een (en nie net dames nie) in die bediening.

3. 'n Oplossing vir die saak is baie moeiliker as wat op die oog af lyk.

4. Gegewe die huidige bestaan van die presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering is daar geen maklike oplossing nie. (Indien 'n ander vorm van kerkregering tot stand sou kom waardeur daar groter sentrale mag, sentrale bevoegdhede en sentrale verantwoordelikhede bestaan, sou daar gewis makliker aan oplossings gedink kan word). Die basiese probleem bestaan dat daar geen moontlikheid is om enige proponent eenvoudig net as predikant te kan bevestig nie. Probleme in hierdie verband is: wie bring die beroep uit, wie moet in so 'n geval optree as die werkgewer van die betrokke, aan wie is die persoon verantwoordig?

5. Sou daar bepaalde kerkordelike struikelblokke wees om proponente as predikante te bevestig sou dit sekerlik ondersoek moet verg. Gegewe die bestaande kerkorde is daar eerlikwaar nie groot struikelblokke nie. Die grootste struikelblok is skynbaar finansieel van aard. Gemeentes kan ook ten opsigte van 'n tentmakerspos nie maklik die vereiste minimum pensioenaandeel (25%) uitneem nie. Indien finansies die rede is, is dit ondenkbaar dat daar op enige ander manier maklik 'n oplossing gekry kan word.

6. Is dit moontlik dat 'n proponent los van 'n gemeente - in die kerk in die algemeen - kan werk? Hiervoor is die bepaalde kerkorde en kerkordelike reëlins nie die sondebok nie ... wel die NG Kerk se kerkregeringstelsel. Dit is uiteraard nie op die oog om dit te verander nie.

7. Kwessies wat in hierdie verband (weer) sterk na vore tree, is: wie tree hier as werkgewer op, aan wie moet verslag gedoen word, wie moet die diensverhoudingekommissie daarstel?

Sou daar voorstelle gemaak word om die bestaande kerkordelike reëlins nog meer te vereenvoudig, kan daaraan beslis aandag gegee word.

1.2.3 AANBEVELINGS: BEDIENINGSBEVOEGDHEID

Die ATR versoek die Algemene Sinode om 'n klein taakspan van kundiges aan te wys (en daarvoor te begroot) wat 'n omvattende ondersoek moet doen oor onder andere:

- 1. oor alle sake rakende die toetrede tot die bediening en die behoud van bedieningsbevoegdheid;**
- 2. die problematiek rondom die predikant “as werknemer van die kerkraad” aan die een kant en sy/haar ampsbevoegdheid kragtens sy legitimasie en bevestiging aan die ander kant;**
- 3. of daar seker bedieningstake (bv. Sakramentsbediening) slegs aan die bevestigde leraar toe-vertrou kan word en of sodanige take ook deur nie-bevestigde leraars uitgevoer kan word; die moontlikheid van verskillende kategorieë van predikante, beide wat opleiding, legitimasie en verantwoordelikhede betref;**
- 4. verdere sake deur die Algemene Sinode geïdentifiseer en verwys na die taakspan vir ondersoek. Hierdie ondersoek moet spoedeisend afgehandel word met verslag en afhandelingsbevoegdheid aan die Moderamen.**

1.3 WOORDBEDIENING MET BEHOUD VAN BEDIENINGSBEVOEGDHEID

1.3.1 Opdrag

Die Algemene Sinode 2002 het besluit:

“Die Algemene Sinode verwys die beginsel aangaande die ruimte van Woordbediening (met behoud van bedieningsbevoegdheid) in die NG Kerk in organisasies en taakgroepe wat nie amptelik aan kerklike institute verbind is nie, na AKLAS in samewerking met die AKG en die ATR vir verdere studie en AANBEVELING aan die volgende Algemene Sinode. Hierdie besluit vervang Agenda p 128 punt 4.3.2.”

1.3.2 Uitvoering

A-Z doen in hierdie verband verslag.

1.3.3 AANBEVELING: WOORDBEDIENING MET BEHOUD VAN BEDIENINGSBEVOEGDHEID

Die Algemene Sinode beskou die A-Z se verslag as uitvoering van die opdrag

1.4 KERKLIKE TRIBUNALE

1.4.1 Opdrag

1.4.1.1 Die direkte aanleiding tot hierdie ondersoek was 'n memorandum oor kerklike tribunale wat voor die Algemene Sinode (2004) gedien het. Die AS het van die verslag kennis geneem en dit na die Taakspan vir Kerklike Tribunale verwys met die verdere opdrag dat die insette van die onderskeie Sinodale Regskommissies/Kerkordekommissies word ook ingewin moet word (AS 2004:380:6).

1.4.1.2 Sake wat in 'n beskrywingspunt vanaf die Sinode van Wes-Transvaal geopper is en wat KO-artikels 23, 63 en 64 aanraak, is ook na die taakspan verwys (vgl AS 2004:380:5).

1.4.1.3 Die taakspan het ook aandag gegee aan die volgende besluite:

1.4.1.3.1 'n besluit oor die amptelike tug (“Die Algemene Sinode gee opdrag aan ADGB en Taakspan Regte om ondersoek te doen na die toepassing van die amptelike tug in die kerk op 'n eietydse wyse, en terug te rapporteer aan die volgende sinodesitting.”; AS 2004:370:4.5).

1.4.1.3.2 Werknemer en ampsbevoegdheid (“die problematiek rondom die predikant “as werknemer van die kerkraad” aan die een kant en sy/haar ampsbevoegdheid kragtens sy/haar legitimasie en bevestiging aan die ander kant”; AS 2004:379:1.2).

1.4.1.3.3 Arbeidsverhoudinge (AS2002:562) - verwys na ARK en AKDV vir ondersoek:

Die Sinode besluit dat terwyl hy begerig is om 'n eie inhoud aan sy arbeidsverhoudinge te gee alles in werking gestel moet word ten einde te verseker dat die Kerk se aanspreeklikheid beperk sal word deur te bly by die bepalinge van die toepaslike arbeidswetgewing. Daarom dra die Sinode dit op aan die ASK tesame met die ARK om:

*1 'n Kerklike tribunaal/ale te skep wat tug en arbeidsake teen werknemers kan hanteer.

*2 Die registrasie van 'n werkgewersorganisasie te bewerkstellig.

*3 Om leiding te gee sodat 'n werknemersorganisasie vir kerklike werkers tot stand sal kom.

*4 'n Sektorale bedingingsraad vir die Kerk te registreer ten einde 'n omvattende en afdwingbare arbeidsbediening tot stand te bring en in stand te hou."

1.4.1.4 Die opdrag is uitgevoer deur 'n ad hoc-taakspan van die Algemene Taakspan Regte in noue oorleg met die ad hoc-taakspan vir Bedieningsbevoegdheid en die Algemene Taakspan vir Diensverhoudinge.

1.4.2 Problematiek

1.4.2.1 In die memorandum wat in 2004 voor die AS gedien het, is die volgende situasie aangetoon:

*1 Daar het gedurende die afgelope paar jaar 'n behoefte ontstaan in die NG Kerk aan 'n liggaam of liggame wat aan verskillende vereistes kan voldoen:

*2 Gewone geskilbeslegting. Dit moet 'n liggaam/liggame wees wat uitspraak kan lewer in geskille tussen predikante en kerkrade, predikante onderling, predikante en lidmate, geskille tussen kommissies van die kerk, geskille tussen lidmate, ens.

*3 Diensgeskilbeslegting. Dit moet ook 'n liggaam/liggame wees wat diensgeskille in die Kerk kan hanteer en finale uitsprake daarvoor kan lewer – amper iets soortgelyks aan die KVBA (CCMA)

* Bevoegdheidshantering. Dit moet verder 'n liggaam wees wat finale uitsprake oor die bevoegdheid van leraars kan lewer en waarop leraars en proponente hulle kan beroep.

* Dissiplinêre ondersoeke en optredes. Die vraag is ook gevra of dit nie 'n liggaam/liggame moet wees wat dissiplinêre ondersoeke en optredes in die Kerk kan behartig nie.

1.4.2.2 In die memorandum is ook die volgende probleme met die huidige situasie aangetoon:

*1 Gewone geskilbeslegting. Op die oomblik kan enige kerkvergadering 'n kommissie aanwys om geskille wat binne die gesagsgebied van die betrokke vergadering ontstaan, te hanteer.

*2 Diensgeskilbeslegting. Daar bestaan nie op die oomblik 'n bepaalde liggaam in die NG Kerk wat diensgeskille kan hanteer nie. Normaalweg word dit deur die kerkrade self of die diensverhoudingekommissie hanteer of dan uiteindelik deur 'n meerdere vergadering. Daar is duidelik 'n groot behoefte in hierdie verband aan 'n liggaam wat diensverskille en -geskille met die nodige bekwaamheid kan hanteer.

*Bevoegdheidshantering. Bevoegdheidsaangeleenthede en geskille wat in hierdie verband ontstaan, word tans deur die ARK hanteer. 'n Beswaarde oor sy/haar bevoegdheid het die reg tot beroep op 'n volgende vergadering van die ARK en uiteindelik na die ASK of die Algemene Sinode. (KO 2002, Regl 3:10).

* Dissiplinêre ondersoeke en optredes.

Dissiplinêre ondersoeke en optredes word tans deur kerkrade of ringe gedoen met 'n reg van appèl na 'n volgende meerdere vergadering.

1.4.2.3 In die beskrywingspunt van Wes-Transvaal is die volgende aangetoon:

* Daar moet weer na die posisie van 'n "gevolmagtigde kommissie" by tug- en appèlsake (artikels 23, 63 en 64) gekyk word;

* Die beperking van artikel 23.2;

* Besluit 23b 6.6, wat bepaal dat 'n appellant vir koste aanspreeklik gehou kan word, is moontlik onbillik;

* Die Algemene Sinode moet dalk die finale appèlliggaam wees vir alle sake.

1.4.3 Raamwerk vir aanbevelings

In die loop van die ondersoek is bevind:

*1 Daar moet 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen 'n predikant se bedieningsbevoegdheid (wat deur die kerkverband deur middel van die Algemene Sinode aan hom/haar verleen word) en die verhouding met die kerkvergadering in wie se diens hy/sy staan (wat 'n diensooreenkoms met hom/haar het). Daar moet gevolglik 'n metode gevind word waarvolgens sake wat met die predikant se dienslewering binne die gemeente te doen het, deur die kerkrade beoordeel en bestuur kan word, terwyl sake wat die bedieningsbevoegdheid raak, deur die kerkverband hanteer word.

*2 'n Predikant mag slegs deur 'n gemeente in diens geneem word indien hy/sy oor bedieningsbevoegdheid, wat deur die kerkverband verleen is, beskik. Indien die bevoegdheid deur die kerkverband ingetrek word, kan die verbintenis met die gemeente nie voortgaan nie.

*3 Daar moet duidelik tussen tug (met kerklike tugmaatreëls soos sensuur en intrekking van lidmaatsregte) en dissipline (wat uit die werkgewer-/werknemerverhouding spruit met arbeidsregtelike dissiplinêre maatreëls soos vermaning en ontslag) onderskei word.

*4 Tugondersoeke teen lidmate, ouderlinge en diakens kan deur die betrokke kerkrade of ring hanteer word. 'n Tugondersoek teen 'n predikant kan sy/haar bedieningsbevoegdheid raak en behoort deur 'n

liggaam wat deur die Algemene Sinode (of deur 'n sinode namens die Algemene Sinode) aangewys is, hanteer te word.

*5 Diensverhoudingaangeleenthede en dissiplinêre ondersoeke wat uit die uitvoering van die diensooreenkoms ontstaan, moet sover moontlik deur die kerkraad self afgehandel te word. Die kerkverband moet 'n liggaam beskikbaar stel wat appèlle uit sodanige ondersoeke kan hanteer. Die appèlliggaam kan 'n dissiplinêre ondersoek, op versoek van die kerkraad, in die eerste instansie hanteer. Wanneer dit blyk dat 'n dissiplinêre ondersoek teen 'n predikant sy bedieningsbevoegdheid kan raak, moet dit na die kerkverband se liggaam verwys word.

1.4.4 Moontlike strukture

1.4.4.1 Huidige stelsel

*1 Volgens die huidige stelsel word tug teen lidmate deur die kerkraad hanteer terwyl tug teen alle ampsdraers deur die ring hanteer word. Dissiplinêre aksies teen nie-leraars word deur die kerkraad hanteer met die ring as eerste en sinode as tweede appèlliggaam. 'n Ondersoek na wangedrag by 'n leraar (leer en lewe, of dienslewering) word deur die ring hanteer sonder enige verwysing na die aandeel van die kerkraad. Tug en dissipline word nie onderskei nie. 'n Ondersoek na onbevoegdheid van 'n leraar word deur die kerkraad, met bystand van die ring, hanteer. 'n Groot probleem hier is dat onbevoegdheid en wangedrag dikwels vermeng is en dat dit onduidelik is wanneer die kerkraad, of die ring, die saak moet hanteer.

*2 Leemtes in die huidige stelsel is dat ringslede dikwels oor te min kundigheid of ervaring beskik om die vereiste funksie te vervul; dat ringslede dikwels te betrokke by die geïmpliseerde is om objektief op te tree; en dat eenvormigheid in optredes moeilik bereik kan word.

*3 Die NG Kerk het 'n dubbele stelsel wat die toekenning en ontneming van ampsbevoegdheid beheer. Teenoor 'n enkele liggaam (ATR op aanbeveling van die kuratoria) wat aan predikante die bevoegdheid verleen om die in die amp van predikant te staan, is daar by die ontneming (hetsy tydelik- of permanente skorsing) nie minder nie as 149 liggame (ringe of ringsondersoekkommissies) wat daarvoor besluit. Dit maak dat dit haas ontmoontlik om billikheid en regverdigheid te laat geskied in die onderskeie tugverhore wat plaasvind. Die onderskeie ringe wat die sake afsonderlik hanteer, het nie regtig 'n stelsel waar die verloop van "verhoor" geboekstaaf word en gebruik kan word as verwysings in volgende soortgelyke sake nie. Elke ring hou sy eie notule en dit is nie geredelik beskikbaar en toeganklik vir ander nie. Geen presedente is dus beskikbaar nie.

1.4.4.2 Opsie 2: Sinodale taakspan vir geskilbeslegting

*1 Volgens hierdie opsie word die rol van die kerkraad en ring behou by tug teen lidmate, ouderlinge en diakens. Ten opsigte van leraars word 'n duidelike onderskeid gemaak tussen bevoegdheid ("die lisensie om te praktiseer") en die diensverhouding met die kerkraad. Enige saak wat bevoegdheid raak, word deur die STGB (en nie die ring nie) hanteer. Aangesien tug- en dissiplinêre ondersoeke, asook ondersoeke rakende bedieningsbekwaamheid, 'n leraar se bevoegdheid kan raa, word al sodanige sake direk na die STGB verwys. Kerkrade sal wel sake wat uit dag-tot-dag diensverhoudinge met 'n leraar self kan hanteer. Die STGB (en nie meer die ring nie) is die appèlliggaam vir dispute oor arbeidsaangeleenthede.

*2 Voordele van hierdie opsie is groter objektiwiteit en meer konsekwente optrede; meer kundigheid en ervaring; 'n duidelike onderskeid tussen kerklike tug en aksies wat uit diensverhoudinge spruit; en die wegneem van onduidelikheid in die proses van wangedrag teenoor onbevoegdheid.

*3 Nadele is dat die ring se opsigfunksie oor leraars weggeneem word (wat egter opgeweeg moet word teen die voordeel dat die ring sy visitatoriese en begeleidingsfunksie met meer objektiwiteit kan uitvoer) en dat 'n vaste sisteem met kundiges duurder sal wees (wat opgeweeg moet word teen 'n kleiner regsrisiko, die erkenning van presedente, groter eenvormigheid en objektiwiteit en die groter sekerheid wat gebied word).

1.4.4.3 Opsie 3: 'n Tribunaal

*1 Volgens hierdie opsie word gedink aan 'n enkele liggaam wat alle sake rakende bevoegdheid van leraars hanteer. Dit sluit in die verlening en intrekking van bevoegdheid, asook die instandhouding van die bevoegdheidsregister (take wat tans deur die Algemene Taakspan Regte hanteer word) en alle tug- en dissiplinêre aksies wat 'n leraar se bevoegdheid raak. Anders as die STGB hanteer die tribunaal nie ook diensverhoudingsake van nie-leraars nie. Die Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge kan hierdie funksie net so goed, of selfs beter, vervul.

*2 Opmerking 1: Daar moes 'n keuse tussen die name *tribunaal* en *kerklike bevoegdheidsraad* gemaak word. *Tribunaal* is 'n relatief beperkte naam wat nie inherent ook die verlening van bevoegdheid en die administratiewe funksies (bv die administrasie van die register en die kontrolering van krediete) insluit nie. *Kerklike Bevoegdheidsraad* beskryf die saak waaroor dit gaan, beter – maar dit is lomp en sal onvermydelik tot lastige afkortings lei. Die taakgroep het gevolglik besluit om die benaming *tribunale* aan te beveel.

*3 Opmerking 2: Ter wille van die praktyk sal die tribunaal sentraal en gedentraliseer moet funksioneer. Daar sal dus Sinodale Tribunale (ST's) moet wees wat bevoegdheidsake hanteer (tug en dissipline teen leraars ingesluit) asook 'n Algemene Tribunaal (AT), wat toekenning van bevoegdheid en appèlle hanteer.

*4 Die voordele van hierdie stelsel is dieselfde as dié van 'n STGB, met die bykomende voordeel dat alle bevoegdheidsake in een liggaam gekonsentreer word. Die Algemene Taakgroep Regte sal 'n kleiner funksie hê met die voordeel dat hy meer op ander kerkregtelike sake kan konsentreer. 'n Belangrike voordeel is dat alle sake rakende diensverhoudinge (prinsipiële leiding uitgesluit) van die ATR se sakelys afgehaal kan word.

*5 Die nadele van hierdie opsie is dieselfde as dié van 'n STGB. Aangesien die tribunaal slegs bevoegdheidsake hanteer, kan hy ook nie as appèlliggaam vir tugsake optree nie en die meerdere kerkvergaderinge sal dit steeds moet doen (wat prinsipiël waarskynlik 'n beter keuse is).

1.4.4.4 Opsomming

Die drie genoemde opsies word in **Bylae 1** opgesom.

1.4.4.5 Keuse

*1 Die tribunaalstelsel hou uiteindelik die meeste voordele in. Vir die implementering van 'n nuwe stelsel kan 'n STGB ook oorweeg word aangesien dit al 'n verbetering op die huidige stelsel is. Dit kan veral bruikbaar wees om as 'n tussentydse oorgangsmaatreël te dien. Die taakgroep het egter geoordeel dat dit beter is om net een verandering te maak. Die aanbevelings in hierdie verslag is gevolglik op opsie 3 gebou.

*2 Indien hierdie stelsel geïmplementeer word, hanteer die Tribunaal net sake wat met leraars se bedieningsbevoegdheid verband hou. Dit hanteer nie sake wat uit algemene diensverhoudinge spruit nie, en is ook nie 'n algemene appèlliggaam nie (vgl 1.4.5.3 en 1.4.5.4 hieronder).

1.4.5 'n Tribunaal

1.4.5.1 Algemene vertrekpunte

*1 Die vertrekpunt met 'n tribunaal is dat die Algemene Sinode die Tribunaal benoem wat duidelik van die Algemene Sinodale Moderamen, die Algemene Taakspan vir Regte en die Algemene Taakspan vir Diensverhoudinge onderskei word. Hierdie Tribunaal tree met volle afhandelingsbevoegdheid op en daar is geen appèl teen sy beslissings nie.

*2 Die tribunaal word saamgestel uit persone wat kollektief oor voldoende kundigheid op die terreine van die teologie, kerklike funksionering, algemene regsbeginsels, arbeidsverhoudinge en die kerkreg beskik om verantwoordelike ondersoeke te onderneem en verantwoordbare besluite te neem.

*3 Die Tribunaal hanteer alle sake wat leraars se bedieningsbevoegdheid raak. Waar bevoegdheid tans namens die Algemene Sinode deur die Algemene Taakgroep Regte (op aanbeveling van die kuratoria) verleen word, sal dit voortaan 'n funksie van die Tribunaal (meer spesifiek, die Algemene Tribunaal) wees. Waar ringe tans in sekere situasies leraars se bedieningsbevoegdheid kan opskort, sal ook dit voortaan deur die Tribunaal (meer spesifiek, die Sinodale Tribunaal) gedoen word. Die Bevoegdheidsregister sal voortaan ook nie meer deur die ATR hanteer word nie, maar deur die Algemene Tribunaal. 'n Lêer word geopen wanneer 'n student deur die kuratorium toegelaat word, en dieselfde lêer word in stand gehou tot met emeritaat of met die verlies van bedieningsbevoegdheid.

*4 Om praktiese redes benoem elke sinode 'n eie tribunaal. Die Sinodale Tribunaal (ST) hanteer nie die Bevoegdheidsregister of die toelating tot die bediening nie, maar hanteer (in noue samewerking met die AT) alle tug- en dissiplinêre sake in die sinodale gebied.

*5 'n ST dien oor enige beslissing wat op bevoegdheid betrekking het, 'n verslag by die AT in wat dit op die betrokke leraar se lêer plaas. Hierdie verslae dien as 'n verwysingsbron wat aan ST's leiding oor presedente kan gee. Die betrokke partye het die reg om teen die ST se beslissing na die AT te appèlleer.

*6 Ter wille van die instandhouding van bedieningsvaardigheid word van elke leraar verwag om 'n deurlopende program van voortgesette teologiese onderrig te deurloop en krediete te verdien. Die administrasie van die krediete word deur die AT gedoen.

*7 Dit word van elke leraar (ook persone wat beroepbaarheid in die NG Kerk wil behou) verwag om by die AT te registreer en jaarliks 'n registrasiefooi te betaal. Hierdie fooi word gebruik om die AT se funksionering te help befonds. Die ST's se uitgawes word op die sinodale begrotings geplaas.

*8 Opmerking by punt 7: Dit is 'n vraag of die befondsing van die AT 'n verantwoordelikheid van die leraars, of van die Kerk moet wees. Anders gestel: moet die leraars 'n registrasiefooi betaal, of moet die instandhouding van die AT bloot 'n begrotingsitem van die Algemene Sinode wees. Die taakgroep het vir 'n kombinasie gekies. Die aanbeveling is dat die Algemene Sinode vir die AT begroot, maar dat elke leraar jaarliks 'n relatief klein administrasiefooi (R100 word voorgestel) betaal.

1.4.5.2 Diensverhoudinge

*1 Dissiplinêre aksies wat uit die uitvoering van 'n gemeente se diensooreenkoms en personeelbeleid spruit, word sover enigsins moontlik deur die kerkrad self hanteer. In gevalle waar 'n leraar se bedieningsbevoegdheid in die gedrang kan kom, verwys die kerkrad die ondersoek na die ST. Ter wille van eenvormige optrede en om onduidelikheid te voorkom, word enige saak wat teen 'n leraar beoog word (of die bedieningsbevoegdheid in die gedrang kan kom of nie), eers na die ST verwys wat oordeel watter liggaam die saak moet hanteer.

*2 Die sinode se Taakgroep vir Diensverhoudinge tree as appèlliggaam vir aangeleenthede rakende diensverhoudinge van nie-leraars op. 'n Kerkrad kan die hulp van die STDV inroep om 'n saak te hanteer, of in 'n geskil te bemiddel of te arbitreer. In so 'n geval waar die STDV 'n saak in die eerste instansie

hanteer het, is daar nie 'n reg tot appèl nie. Die betrokke werkgewer of werknemer het egter die reg om die STDV te versoek om die saak in hersiening te neem.

*3 'n Praktiese implikasie van 2 hierbo is dat elke sinode 'n taakgroep vir diensverhoudinge moet hê wat in staat is om op 'n hoogstaande vlak oor sake van werkkonflik uitsprake te maak. Aangesien nie al die sinodes oor sodanige STDV's beskik nie, word aanbeveel dat elke sinode self besluit of hy die funksies van 2 hierbo deur sy taakgroep vir diensverhoudinge of deur die sinodale tribunaal wil laat uitvoer.

1.4.5.3 Tug

*1 Tugondersoeke teen lidmate word steeds deur die kerkraad hanteer.

*2 Tugondersoeke teen ouderlinge en diakens word deur die ring hanteer. Die ring het die reg om tugmaatreëls (weerhouding van lidmaatsregte en sakramente) toe te pas met kennisgewing aan die kerkraad.

*3 Tugondersoeke teen leraars word na die ST verwys. Die ST het die reg om tugmaatreëls (weerhouding van lidmaatsregte en sakramente) toe te pas met kennisgewing aan die kerkraad.

*4 Appèl teen tuguitsprake

*4.1 Appèlle teen besluite van 'n kerkraad word (soos tans) deur die ring hanteer.

*4.2 Appèlle teen besluite van 'n ring word deur die sinode hanteer.

*4.3 Appèlle teen besluite van 'n ST word deur die AT hanteer,

1.4.5.4 Kerklike geskille

Kerklike geskille kan steeds volgens die Riglyne vir Kerklike Geskille (Die Kerkorde 2004, bl 97) hanteer word.

1.4.5.5 Appèl teen kerklike besluite (tug en diensverhoudinge uitgesluit)

Hiervoor dien 'n aparte verslag vanaf die ATR.

1.4.5.6 Die rol van die ring

'n Ondersoek waarby ringslede bevindinge oor 'n ander lid van die ring moet maak, kan baie ongemaklik en ontwrigtend vir vertrouensverhoudinge wees. Hierbo is al daarop gewys dat ringslede dikwels oor te min kundigheid of ervaring beskik om die dikwels moeilike dissiplinêre sake te hanteer. Ringslede is ook dikwels te naby aan die geïmpliseerde om objektief op te tree. As die ondersoek deur 'n eksterne groep gedoen word, behoort die wins nie alleen objektiwiteit en kundiger hantering te wees nie, maar behoort dit ook vir die ring moontlik te wees om met groter vrymoedigheid ondersteuning aan die geïmpliseerde en sy gemeente te gee. By die samestelling van die ondersoekspan sal die ST dan ook pertinent moet oordeel of dit in die betrokke geval wys is om lede van die ring as lede van die ondersoekspan te betrek. Kennis van plaaslike omstandighede kan voordele hê, maar dit kan ook goed wees om die ondersoek en pastorale ondersteuning duidelik te skei.

1.4.6 Praktiese implementering

*1 Die Algemene Sinode se besluit insake tribunale het aan die ASM die ruimte gegee om 'n tribunaal / bevoegdheidsraad te skep (vgl hierbo). Die nuwe stelsel wat voorsien word, moet egter volgens die 2004-besluit (vgl hierbo) eers aan die onderskeie sinodale regs kommissies voorgelê word. Daar moet ook belangrike wysigings aan die Kerkorde wees wat alleen deur die Algemene Sinode in sitting gedoen kan word.

*2 Die Algemene Sinode moet tydens hierdie sitting 'n AT aanwys wat onmiddellik kan konstitueer en met die opleiding van ST'e kan begin. Daar moet egter aan sinodes die geleentheid gebied word om ST'e aan te wys. Vir die implementering van die proses kan die sinodale kommissies / diensrade die eerste ST'e aanwys. 'n Enkele datum waarop die nuwe stelsel die vorige een vervang, moet gestel word. Tot dan word nog volgens die huidige stelsel gewerk.

*3 Die Algemene Sinode begroot vir die funksionering van die AT en sinodes vir die funksionering van ST'e. Vir die funksionering van die AT word 'n jaarlikse administrasiefooi gehef (R100 per jaar word voorgestel).

*4 Aanbevelings in verband met wysigings aan die Kerkorde is in die verslag van die ATR opgeneem.

*5 'n Voorgestelde reglement word aangeheg as **Bylae 2**. Die hoofpunte van die nuwe stelsel, soos in die reglement uiteengesit, kan in hooftrekke so saamgevat word:

ALGEMENE TRIBUNAAL (AT)

- ◆ Word deur AS aangewys
- ◆ Funksies:
 - Verleen bevoegdheid
 - Ontneem bevoegdheid
 - Administreer register
 - Kontroleer krediete
 - Gee leiding aan ST'e
 - Hanteer appèlle teen ST-besluite

SINODALE TRIBUNAAL (ST)

- ◆ Word deur sinode aangewys
- ◆ Funksies:
 - Doen tug-/dissiplinêre ondersoeke – self of deur 'n taakspan
 - Skort op / ontnem bevoegdheid
 - Gee leiding aan kerkrade t.o.v. diensverhouding-optredes

TAAKSPAN VIR TUG-/ DISSIPLINÊRE ONDERSOEK

- ◆ Word ad hoc deur ST aangewys
- ◆ Funksie:
 - Doen tug-/dissiplinêre ondersoeke

*6 Ter wille van eenvormigheid by die hantering van ondersoeke en toepassing van tug- en dissiplinêre maatreëls stel die AT 'n handleiding op waarin onder meer 'n duidelike aanduiding gegee word watter maatreëls in onderskeie situasies toegepas moet word. Byvoorbeeld: wanneer 'n leraar by 'n egskeiding betrokke is, moet onder meer gekyk word na sy aandeel aan die egskeiding, pogings tot versoening, die impak op sy geloofwaardigheid as bedienaar van die Woord en die impak op sy bediening in die gemeente.

*7 Dit is ook belangrik dat 'n "etiese kode" vir leraars opgestel word waaraan die leer en lewe van 'n leraar getoets kan word. Die taakgroep het geoordeel dat daar twee opsies is: 'n uitgebreide etiese kode soos die kodes van die SAGTR of die Raad op Maatskaplike Diensberoepe, of 'n bondige formule wat, indien nodig, in bogenoemde handleiding verfynd kan word. Die taakgroep het vir laasgenoemde opsie gekies. In die verslag van die ATR word gevolglik 'n uitbreiding aan die legitimasierverklaring aanbeveel. Die taakgroep het ook geoordeel dat dit 'n wins sal wees as die „gedragskode“ ook in die beroepsbrief uitgebrei word en dat die beroepsbrief die wedersydse verantwoordelikhede van 'n leraar en sy werkgewerkerkraad sal bepaal.

1.4.7 AANBEVELINGS: KERKLIKE TRIBUNALE

Die sinode

1 Keur goed dat 'n Algemene kerklike tribunaal aangewys word wat alle sake wat die bedieningsbevoegdheid van leraars raak, sal hanteer.

2 Keur die Reglement vir die Kerklike Tribunaal (Bylae 2) goed.

3 Wys die volgende persone aan as lede van die AT: _____

4 Die AT wys sy eie voorsitter en ondervoorsitter aan.

5 Besluit dat die eerste AT se samestelling vir die eerste twee termyne ongewysig sal bly waarna wysigings by elke gewone sitting sal plaasvind (vgl punt 1.1.5 van die reglement) en gee aan sinodes die reg om 'n soortgelyke reëling te tref mits die sinodes se gewone sitting minder as vier jaar uitmekaar plaasvind.

6 Besluit dat alle leraars by die AT moet registreer en 'n jaarlikse administrasiefooi betaal wat deur die AT in oorleg met die ATF vasgestel word. Met leraars word bedoel alle leraars in diens van gemeentes of die kerkverband, asook alle persone wat deur die NG Kerk beroepbaar gestel is en wat volgens die bepalings van die Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante beroepbaar is, asook leraars in diens van ander kerke wat beroepbaarheid in die NG Kerk wil behou. Emeriti word vrygestel van die registrasiegeld, maar moet steeds jaarliks registreer.

7 Besluit dat die AT die verantwoordelikheid vir die administrasie van die Bevoegdheidsregister so gou as moontlik van die ATR oorneem;

8 Besluit dat die AT onmiddellik alle besluite oor bevoegdheidsake vanaf die ATR oorneem.

9 Besluit dat sinodes hulle eerste ST voor einde Oktober deur die sinodale kommissie/ diensraad aanwys. Die tribunaalstelsel begin funksioneer sodra die ST aangewys is.

10 Besluit dat die volgende formulering insake wedersydse verantwoordelikhede van 'n leraar en 'n kerkraad / kerkvergadering in die predikant se diensooreenkoms opgeneem word:

10.1 Die leraar erken dat sy voorbeeld, optrede en ywer die kwaliteit van gemeentelike funksionering mede-bepaal en hy onderneem om:

- * erns met sy persoonlike Bybelstudie en gebedslewe te maak;
- * sy lewensinstelling en optredes op hoë morele standarde te bou;
- * as predikant aan sy roeping as Bedienaar van die Woord getrou te bly;
- * die waardigheid en selfrespek van elke persoon met wie hy in die loop van sy dienslewering in aanraking kom, te erken, te handhaaf en te bevorder;
- * lojiaal aan die NG Kerk, sy leer en sy besluite te wees en om enige bedenkinge op 'n verantwoordelike manier deur middel van die ruimte wat deur die kerkraad en ander kerkvergaderinge geskep is, onder die betrokke instansie se aandag te bring;
- * goeie verhoudings met sy mede-predikante as hoë prioriteit te stel en dit deur sy optrede daadwerklik te bevorder; en
- * alles in sy vermoë te doen om die gemeente se belang te alle tye te bevorder.

10.2 Die kerkraad onderneem namens die gemeente as werkgewer om binne die vermoë van die gemeente dit vir die leraar moontlik te maak om sy pligte te verrig en om as broeders en susters in die Here aan hom die nodige liefde en samewerking te bied sodat hy tot vervulling van sy taak ondersteun word. In die besonder onderneem die kerkraad om:

- * die predikant as leraar van die gemeente te erken en om sy waardigheid en selfrespek te beskerm en te bevorder;
- * aan hom, binne praktiese perke, alle moontlike hulp te verleen wat hom in staat kan stel om sy diens in die gemeente te verrig;
- * saam met hom 'n bedieningstrategie vir die gemeente uit te werk waarin die onderlinge werksaamhede van die predikante, kerkraad en ander rolspelers in die gemeente bepaal word;
- * aan hom, binne die raamwerk van die bedieningstrategie, die ruimte tot kreatiwiteit en inisiatief te gee;
- * sy integriteit in die bepaling van sy tydsindeling en prioriteite in werksaamhede te erken;
- * die finansies van die gemeente so te help bestuur dat daar finansiële sekuriteit aan hom gegee kan word;
- * sy lewensonderhoud, soos van tyd tot tyd ooreengekom en vasgestel, stiptelik te betaal of te voorsien;
- * in sy welstand belang te stel deur hom geestelik te ondersteun, aan hom en sy gesin genoegsame ruimte tot privaatheid en ontspanning te gee en om hom te beskerm teen uitbranding;
- * vir hom die billike geleentheid te bied om enige saak wat sy persoon of funksionering raak, met die werkgewer te bespreek;
- * enige besware teen, of probleme met sy optrede in die gemeente, op 'n persoonlike en verantwoordelike manier met hom te bespreek; en
- * 'n klimaat in die gemeente te skep waarin die leraar teen onverantwoordelike opmerkings deur lidmate beskerm word.

11 Begroot vir die funksionering van die AT.

12 Besluit dat dringende aanpassings aan die Reglement vir die Kerklike Tribunaal deur die ASM op aanbeveling van die ATR gemaak kan word.

Bylae 1

OPSIES VIR GESKILBESLEGTING

	Huidige stelsel	Nuwe opsie 1	Nuwe opsie 2
Geskille	Riglyne vir Kerklike Geskille	Riglyne vir Kerklike Geskille	Riglyne vir Kerklike Geskille
Tug			
* Lidmate	Kerkraad; ring die appèl-liggaam	Kerkraad; ring die appèl-liggaam	Kerkraad; ring die appèl-liggaam
* Ouderlinge en diakens	Ring; sinode die appèl-liggaam	Ring; STGB die appèl-liggaam	Ring; sinode die appèl-liggaam
* Leraars	Ring; sinode die appèl-liggaam	STGB; ATGB appèl-liggaam by bevoegdheid	ST; AT die appèl-liggaam
Bedieningsbe			

voegdheid			
* Verleen	ATR	ATR op aanbeveling van kuratoria	AT op aanbeveling van kuratorium
* Ontneem	ATR	ATR (na tugaksie op aanbeveling van ring)	ST; AT die appèl-liggaam
Diensverhoudinge			
* Dispute / dissipline (nieraars)	Kerkraad; ring die appèl-liggaam	Kerkraad; STGB die appèl-liggaam	Kerkraad; STDV die appèl-liggaam
* Dispute (leraars)	Kerkraad; ring die appèl-liggaam	Kerkraad; STGB die appèl-liggaam	Kerkraad; ST indien bedienings-bevoegdheid geraak word
* Dissipline by wangedrag (leraars)	Ring	Kerkraad; STGB indien bedienings-bevoegdheid geraak word	Kerkraad; ST indien bedienings-bevoegdheid geraak word
Bedieningsvaardigheid	Kerkraad, bygestaan deur ring	STGB en VTO	AT en VTO

Bylae 2

REGLEMENT VIR DIE KERKLIKE TRIBUNAAL

1. ALGEMENE TRIBUNAAL (AT)

1.1 SAMESTELLING

1.1.1 Die AT word deur die Algemene Sinode aangewys en bestaan uit ses lede wat kollektief oor kundigheid en ervaring op die terreine van die geskilbeslegting, die leer van die kerk, kerkreg, arbeidsreg en gemene reg beskik.

1.1.2 Die verkose aktuaris dien *ex officio* as sewende lid op die AT.

1.1.3 Minstens twee lede van die AT moet afgevaardigdes na die Algemene Sinode wees.

1.1.4 Die voorsitter en ondervoorsitter word deur die AT aangewys.

1.1.5 Die AT wys uit eie geledere 'n skriba aan of maak gebruik van 'n persoon wat nie lid van die AT is nie om die skriba te hanteer. In laasgenoemde geval neem die skriba met adviserende stem deel aan vergaderings van die AT.

1.1.6 Enige saak wat voor die AT dien, word deur minstens drie lede van die AT aangehoor.

1.1.7 Die AT kan besluit om nie self die saak aan te hoor nie, maar om 'n ad hoc-taakspan aan te wys, bestaande uit minstens twee lede van die AT en minstens twee kundiges wat 'n besondere bydrae by die hantering van 'n betrokke saak kan maak. 'n Sodanige ad hoc-taakspan het volle afhandelingsbevoegdheid maar sy finale bevinding word eers bekendgemaak nadat al die lede van die AT die geleentheid gehad het om skriftelik, of tydens 'n vergadering van die AT, kommentaar te lewer.

1.1.8 Vakatures in die AT word deur die ASM gevul.

1.2 FUNKSIE

Die AT hanteer

1.2.1 Die verlening van bedieningsbevoegdheid op aanbeveling van die Algemene Kuratorium / [kuratoria];

1.2.2 Die instandhouding van die bevoegdheidsregister;

1.2.3 Die administrasie van krediete met voortgesette teologiese opleiding;

1.2.4 Die instandhouding van 'n argief van alle tug- of dissiplinêre sake waarby leraars betrokke is met die oog op 'n register van presedente;

1.2.5 Leiding aan ST'e met die oog op eenvormige en gekoördineerde optrede ten opsigte van hantering van tug- en dissiplinêre ondersoeke en beslissings oor bedieningsbevoegdheid.

1.2.6 Appèlle op beslissings van ST'e.

1.2.7 'n Verslag aan die gewone sitting van die Algemene Sinode.

1.3 Vergaderings

Die AT vergader minstens een keer per jaar.

2. SINODALE TRIBUNAAL (ST)

2.1 SAMESTELLING

2.1.1 Die ST word deur die Sinode aangewys en bestaan uit minstens ses lede wat kollektief oor kundigheid en ervaring op die terreine van die geskilbeslegting, die leer van die kerk, kerkreg, arbeidsreg en gemene reg beskik.

2.1.2 Die verkose aktuaris dien *ex officio* as lid op die ST.

2.1.3 Minstens twee lede van die ST moet afgevaardigdes na die Sinode wees.

2.1.4 Die voorsitter en ondervoorsitter word deur die ST aangewys.

2.1.5 Die ST wys uit eie geledere 'n skriba aan of maak gebruik van 'n persoon wat nie lid van die ST is nie om die skriba te hanteer. In laasgenoemde geval neem die skriba met adviserende stem deel aan vergaderings van die ST.

2.1.6 Enige saak wat voor die ST dien, word deur minstens drie lede van die ST aangehoor.

2.1.7 Die ST kan besluit om nie self die saak aan te hoor nie, maar om 'n ad hoc-taakspan aan te wys, bestaande uit minstens twee lede van die ST en minstens twee kundiges wat 'n besondere bydrae by die hantering van 'n betrokke saak kan maak. 'n Sodanige ad hoc-taakspan het volle afhandelingsbevoegdheid maar sy finale bevinding word eers bekendgemaak nadat al die lede van die ST die geleentheid gehad het om skriftelik, of tydens 'n vergadering van die ST, kommentaar te lewer.

2.1.8 Vakatures in die ST word deur die sinodale kommissie/diensraad gevul.

2.2 FUNKSIE

2.2.1 Die ST hanteer ondersoeke en beslissings oor sake wat die bedieningsbevoegdheid van leraars in die sinodale gebied raak. Met "leraars" word bedoel

2.2.1.1 Leraars in diens van gemeentes van die sinode;

2.2.1.2 Emeriti asook leraars of ander persone met bedieningsbevoegdheid in diens van die kerkverband of ander instansies en wat lidmate van gemeentes binne die betrokke sinodale gebied is.

2.2.2 Ondersoeke en beslissings kan voortspruit uit

2.2.2.1 Beweerde tugwaardige sondes oor leer en lewe van leraars;

2.2.2.2 Beweerde wangedrag wat spruit uit die diensverhouding van leraars;

2.2.2.3 Beweerde gebrekkige bedienings-vaardigheid wat spruit uit die diensverhouding van leraars.

2.3 VERGADERINGS

Die ST vergader na behoefte.

2.4 Hantering van 'n ondersoek: vooraf reëlins

2.4.1 'n Saak word onder die aandag van die ST gebring deur

2.4.1.1 'n skriftelike klag deur 'n persoon of instansie oor die leer of lewe van 'n leraar; of

2.4.1.2 skriftelike inligting oor insidente wat die leer of lewe van 'n leraar raak; of

2.4.1.3 'n skriftelike klag vanaf die leraar se werkgewer oor wangedrag wat uit diensverhouding spruit; of

2.4.1.4 'n verslag van 'n kerkraad oor 'n ondersoek oor beweerde gebrekkige bedieningsvaardigheid van 'n leraar, of die versoek vanaf 'n kerkraad om so 'n ondersoek te doen.

2.4.2 By ontvangs van 'n klag, inligting of verslag

2.4.2.1 erken die skriba aan die indiener ontvangs en stel ook die leraar wat geïmpliseer word daarvan in kennis;

2.4.2.2 stel die skriba die voorsitter van die ST in kennis wat, in oorleg met die ondervoorsitter, oordeel of die ondersoek deur die ST of deur 'n ad hoc-taakgroep gedoen moet word. Indien die voorsitter, in oorleg met die ondervoorsitter, oordeel dat die betrokke saak bevredigend deur die kerkraad self hanteer kan word, stel die skriba van die ST die kerkraad daarvan in kennis met 'n aanduiding van die wyse waarop dit gedoen behoort te word;

2.4.2.3 stel die skriba die AT in kennis van die ontvangs van die klag, inligting of verslag en van die ST se voorneme om dit te ondersoek.

2.4.3 'n Klag of verslag wat ontvang word, word nadat dit ter tafel geneem is, die eiendom van die ST en kan nie sonder die ST se toestemming teruggetrek word nie.

2.4.4 Indien die voorsitter oordeel dat die ST die saak moet hanteer, roep hy 'n vergadering so gou as moontlik byeen. Indien hy oordeel dat 'n ad hoc-taakspan aangewys moet word, gee hy aan die skriba 'n lys van moontlike persone wat die ondersoek moet hanteer wat dit dan aan die lede van die ST vir kommentaar deurgee. Die finale ad hoc-taakspan word eers gefinaliseer wanneer al die lede van die ST skriftelik hulle tevredenheid met die lede van die ad hoc-taakspan uitgespreek het.

2.4.5 Sodra die ondersoekliggaam aangewys is, vergader hy so gou as moontlik om uit sy geledere 'n voorsitter aan te wys, asook twee van sy lede om 'n vooronderzoek te doen om te bepaal of 'n amptelike ondersoek geregverdig is. Hierdie vergadering kan telefonies of elektronies geskied. Indien die ST self as ondersoekliggaam optree, tree die voorsitter van die ST as voorsitter van die ondersoekliggaam op.

2.4.6 Sodra die twee ondersoekers hulle vooronderzoek voltooi het, doen hulle aan die ondersoekliggaam verslag oor hulle bevindings sodat die ondersoekliggaam kan oordeel of 'n formele ondersoek nodig is. Die vergadering waarby hierdie besluit geneem word, kan telefonies of elektronies geskied.

2.4.7 Voordat die ondersoekliggaam besluit dat die saak amptelik ondersoek moet word, moet hy eers oordeel of dit nie moontlik is om 'n bevredigende oplossing deur herderlike sorg of 'n versoeningsaksie te bereik nie. Indien wel, tref hy die reëlins vir sodanige aksies wat deur die ondersoekliggaam self, of deur persone wat deur hom daartoe versoek word, gedoen word. Indien so 'n proses nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die ondersoek amptelik voort.

2.4.8 Indien besluit word om nie die saak amptelik te ondersoek nie, moet die ST die geïmpliseerde en die indiener van die klag of verslag, asook die AT, skriftelik in kennis stel.

2.4.9 Indien die ondersoekliggaam besluit om met die amptelike ondersoek voort te gaan, tref die twee persone wat die vooronderzoek hanteer het die logistieke reëlins vir die ondersoek. Een van die twee tree tydens die ondersoek as klaer en die ander as skriba op.

2.4.10 Die klaer formuleer die klag wat ondersoek word. Waar sy/haar formulering van die klag van die indiener se formulering verskil, moet die finale formulering in oorleg met die indiener geskied. Die klag, soos finaal geformuleer, moet 'n billike tyd voor die eerste ondersoek-sitting skriftelik aan die aangeklaagde voorsien word.

2.4.11 Die taakspan kan, indien hy oordeel dat dit nodig is, die aangeklaagde se bedieningsbevoegdheid vir die duur van die ondersoek opskort wat inhou dat (waar van toepassing) die betrokke werkgewer in kennis gestel word dat hy die persoon in sy dienslewering moet stuit.

2.4.12 Die aangeklaagde word skriftelik in kennis gestel van sodanige opskorting en het die reg om binne sewe (7) werksdae skriftelik verhoë te rig.

2.5 HANTERING VAN DIE ONDERSOEK

2.5.1 Algemene bepalings

2.5.1.1 Niemand mag 'n deel van die ondersoekliggaam wees indien hy/sy naby verwant aan die aangeklaagde is of 'n botsende belang ten opsigte van die saak wat ondersoek word, het nie, of indien hy/sy reeds in 'n vorige soortgelyke saak waarby die aangeklaagde betrokke was, uitspraak gegee het nie.

2.5.1.2 Sodra die ondersoek amptelik begin, word die klaer (vgl 2.4.10 hierbo) nie meer as deel van die ondersoekliggaam beskou nie.

2.5.1.3 Alle vergaderings van die ondersoek-liggaam is geslote vergaderings.

2.5.1.4 Klaers, aangeklaagdes en getuies moet voldoende geleentheid kry om hulle saak te stel.

2.5.1.5 'n Aangeklaagde het die reg om deur 'n lidmaat bygestaan te word.

2.5.1.6 Die partye het die reg van toegang tot alle inligting wat deur die ondersoekliggaam gebruik word om tot 'n besluit te kom. Die partye het die geleentheid tot die ondervraging van getuies en/of kommentaar op skriftelike getuienis.

2.5.1.7 Alle lede van die ondersoekliggaam moet vir die hele duur van die ondersoek teenwoordig wees.

2.5.1.8 Van alle vergaderings of sittings van die ondersoekliggaam word behoorlik notule gehou. Notules word by die volgende sitting goedgekeur en deur die voorsitter en skriba onderteken.

2.5.3 Verloop van die ondersoek

2.5.3.1 Die ondersoekliggaam reël soveel sittings as wat nodig is om tot 'n beslissing te kom.

2.5.3.2 Tydens die sittings tree die voorsitter van die ondersoekliggaam as voorsittende beampte op.

2.5.3.3 Die klaer lei die getuienis ter ondersteuning van die klag.

2.5.3.4 Die klaer en aangeklaagde het die reg om getuies te roep en om enige relevante dokumentasie voor te lê. Beide partye moet genoeg geleentheid kry om op die getuienis te reageer en om getuies te ondervra.

2.5.3.5 Die ondersoekliggaam poog om so gou as moontlik, maar binne 'n maksimum van drie maande tot 'n bevinding te kom. Indien dit nie moontlik is nie, moet alle partye betyds daarvan verwittig en die advies van die AT ingewin word.

2.6 BEVINDINGS EN MAATREËLS

2.6.1 Wanneer die ondersoekliggaam oordeel dat hy oor voldoende inligting beskik om tot 'n besluit te kom, formuleer hy sy bevinding wat dan aan die klaer oorgedra word. Indien hy besluit om tug- of dissiplinêre maatreëls toe te pas, moet die aangeklaagde (na die bekendmaking van die bevinding) die geleentheid kry tot 'n versoek om versagting van maatreëls.

2.6.2 Die finale bevinding en maatreëls (2.6.3.1 uitgesluit) word as besluit van die ST bekendgemaak eers nadat aan punt 2.1.9 hierbo voldoen is.

2.6.3 Die ST kan, met inagneming van die erns van die oortreding, die volgende dissiplinêre maatreëls volg:

2.6.3.1 'n Mondelinge, skriftelike of finale waarskuwing;

2.6.3.2 Die intrekking van bedieningsbevoegdheid vir 'n termyn met 'n duidelike aanduiding van verwagte optrede en remediërende maatreëls;

2.6.3.3 Die intrekking van bedieningsbevoegdheid vir die betrokke gemeente/kerkverband;

2.6.3.4 Die intrekking van bedieningsbevoegdheid vir die NG Kerk en die indiening van die Akte van Legitimasie.

2.6.4 Die ST kan ook besluit om, saam met of in plaas van die dissiplinêre maatreëls, kerklike sensuurmaatreëls toe te pas.

2.6.5 Die ST se bevinding, saam met die betrokke tug- of dissiplinêre maatreëls, word so gou as moontlik skriftelik aan die aangeklaagde en sy werkgewer (waar van toepassing) oorgedra.

2.6.6 'n Verslag oor die ondersoek waarin die klag, die werkmethode van die ondersoekliggaam en die bevindings en besluite oor tug- en dissiplinêre maatreëls uiteengesit word, word binne veertien dae na die afsluiting van die ondersoekliggaam se werksaamhede na die AT gestuur om op die betrokke persoon se lêer bewaar te word.

2.6. Indien die ST besluit om die leraar se bedieningsbevoegdheid tydelik of permanent in te trek, gee die skriba van die AT daarvan kennis aan Kerkbode.

2.7 GEBREKIGE BEDIENINGSVAARDIGHEID

2.7.1 Die ST neem sy besluit op grond van die skriftelike verslag wat deur die werkgewer ingedien word, maar het die reg om self ook inligting (mondelings of skriftelik) in te win.

2.7.2 In sy besluit, of indien die ST die ondersoek in die eerste instansie doen, moet hy toesien dat aan die volgende vereistes voldoen is of aan voldoen word:

2.7.2.1 Tydens die ondersoek moet die predikant voldoende geleentheid kry om sy/haar kant van die saak te stel en hom/haar te verweer teen die besware teen sy/haar diens. Die predikant kan deur 'n lidmaat bygestaan word.

2.7.2.2 Die besware oor gebrekkige bedieningsvaardigheid wat formeel ondersoek gaan word, moet skriftelik onder die aandag van die predikant gebring word.

2.7.2.3 Indien bevind word dat die predikant onbevredigende diens lewer, moet die redes vir die onbevredigende diens en die vereistes waaraan hy/sy moet voldoen, in oorleg met hom/haar en skriftelik onder sy/haar aandag gebring word.

2.7.2.4 Die werkgewer moet alles in sy vermoë doen om deur toepaslike evaluering, toerusting, leiding, advies en berading die betrokke predikant te help om bevredigende diens te lewer.

2.7.2.5 'n Redelike tyd moet toegelaat word vir die predikant om sy/haar dienste te verbeter en te voldoen aan die vereistes wat die kerkraad en/of die ST aan hom/haar gestel het.

2.7.2.6 Ander wyses buiten diensbeëindiging moet oorweeg word om die aangeleentheid reg te stel.

2.7.3 Indien die ST tot die gevolgtrekking kom dat die gebrekkige bedieningsvaardigheid nie uit die weg te ruim is nie, kan die ST die predikant se bedieningsbevoegdheid vir diens in die gemeente of vir diens in die NG Kerk opskort.

3. APPÈL

3.1 Die leraar, of 'n kerkvergadering, of 'n persoon wat negatief geraak is deur die leraar se optrede wat tot die ondersoek gelei het, het die reg om teen die besluit van die ST na die AT te appelleer.

3.2 Die appellant moet binne 30 dae nadat hy/sy kennis geneem het van die besluit van die ST, skriftelik kennis gee aan die skriba van die AT. Die skriba van die AT gee skriftelik aan die geïmpliseerde en die kerkvergadering in wie sy diens hy/sy is of was, kennis van die ontvangs van die appèl.

3.3 Die appellant moet binne 30 dae nadat hy/sy kennis van appèl gegee het 'n skriftelike uiteensetting van die gronde/redes van die appèl aan die skriba van die AT voorsien anders verval die reg op appèl. Bykomende dokumentasie kan by die uiteensetting aangeheg word.

3.4 Die appèl word beoordeel deur die AT soos in punte 1.1.8 tot 1.1.9 hierbo bepaal.

3.5 Die AT maak in sy beoordeling van die appèl gebruik van die dokumentasie wat deur die appellant voorsien is en van die verslag van die ST waarby alle dokumente, notules, bandopnames ensovoorts wat deur die ST in sy ondersoek gebruik is, bygevoeg word.

3.6 Na oorweging van die appèl kan die AT

3.6.1 Die appèl geheel of gedeeltelik toestaan en die besluit van die ST ter syde stel of wysig; of

3.6.2 Die appèl in geheel of gedeeltelik afwys en die besluit van die ST in geheel of gedeeltelik bekrachtig;

3.7 Die AT gee skriftelik kennis van sy besluit, saam met sy redes daarvoor, aan die appellant en die geïmpliseerde (waar van toepassing) asook aan die kerkvergadering in wie se diens die geïmpliseerde staan.

4. KOSTE VAN ONDERSOEKE EN APPÈLLE

4.1 Die koste van 'n ondersoek van die ST word deur die sinode gedra. Die sinode kan met die betrokke werkgewer oor 'n verdeling van die koste onderhandel.

4.2 Die indiener van 'n appèl word by die indiening van die appèl in kennis gestel dat die uiteindelijke koste van die saak van hom/haar gevorder mag word indien die AT so besluit. Die indiener van die appèl/beswaarskrif moet skriftelik instemming met die reëling betuig voordat die saak in behandeling geneem word.

Bylae 2.1

RIGLYNE BY PUNTE 2.6.3 EN 2.6.4 VAN DIE REGLEMENT VIR DIE KERKLIKE TRIBUNAAL

1. ERNS VAN DIE OORTREDING

1.1 Punte 2.6.3-4 bepaal dat die intensiteit van maatreëls kan wissel afhangende van die erns van die oortreding. By die toepassing van maatreëls moet die tribunaal die volgende riglyne in gedagte hou.

2. TUG- EN DISSIPLINÊRE MAATREËLS

2.1 Tugmaatreëls word oorweeg binne die aard en doel van kerklike tug soos in KO Artikels 59 tot 61 uiteengesit. Die kerklike opsig en tug dra 'n geestelike karakter en pas by die kerk as 'n geloofs- en 'n liefdesgemeenskap. Dit is in die eerste plek pastoraal en kerkregtelik van aard word op 'n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen (vgl KO art 60.1,3). Dit het die herstel van die eer van God, die heil van die gemeente en die persoonlike geloofsverhouding van die betrokke persoon tot doel (vgl KO Art 59).

2.2 Dissiplinêre maatreëls word oorweeg na aanleiding van optrede wat 'n versteuring van diensverhoudinge tot gevolg het. Die maatreëls het 'n waarskuwende-, bestraffende- of strafkarakter en het optimale funksionaliteit binne die betrokke werkomgewing as doel.

2.3 By beide stalle maatreëls moet die erns van die oortreding, die persoon se insig in die situasie, sy vermoë om meer aanvaarbaar op te tree, asook die impak van die persoon se optrede in aanmerking geneem word.

3. TUGMAATREËLS

3.1 Die ST kan die volgende maatreëls aanwend (vgl KO Art 64.2.3):

3.1.1 'n bestraffing in 'n privaatesprek of ter vergadering van die ST / ad hoc-onderzoekliggaam;

3.1.2 die kerklike sensuurmaatreëls, naamlik die onthouding van die sakramente en die opskorting van ander lidmaatsregte (vgl KO Art 64.3.2). Lidmaatsregte wat deur hierdie tugmaatreël geraak kan word, behels onder meer die reg om verkies te word as kerkraadslid, die reg om as doopgetuie te staan, die reg om 'n attestaat te ontvang, die reg om belydenis van geloof af te lê, die reg om onderrig te gee in die gemeente en die reg om deel te neem aan 'n gemeentevergadering. Die reg op herderlike versorging of die reg om te appelleer teen besluite wat hom/haar persoonlik raak, word nie deur hierdie tugmaatreël geraak nie.

3.1.3 afsnyding van die gemeente deur die gebruik van die betrokke formulier

3.2 Indien sensuur toegepas word, moet 'n tydperk aan die sensuur gekoppel word. Daar kan ook 'n voorbehoud aan die tydperk gekoppel word, byvoorbeeld dat die leraar se optrede moet bewys dat hy/sy (in die lig van KO art 59) positief op die tugaksie reageer. Die tribunaal moet 'n reëling vir monitering tref.

3.3 Die bestraffing (3.1.1) kan 'n versoek tot vrywillige onthouding van die sakramente inhou.

4. DISSIPLINÊRE MAATREËLS

4.1 Die maatreëls wat deur die tribunaal aangewend kan word, is (volgens punt 2.6.3 van die reglement) die volgende:

4.1.1 'n Mondelinge, skriftelike of finale waarskuwing;

4.1.2 Die intrekking van bedieningsbevoegdheid vir 'n termyn met 'n duidelike aanduiding van verwagte optrede en remediërende maatreëls;

4.1.3 Die intrekking van bedieningsbevoegdheid vir die betrokke gemeente/kerkverband;

4.1.4 Die intrekking van bedieningsbevoegdheid vir die NG Kerk en die indiening van die Akte van Legitimasie.

4.2 Die erns van die oortreding kan in kategorië van minder ernstig, ernstig en baie ernstig ingedeel word. Hierdie kategorië dien slegs as riglyn.

4.2.1 Minder ernstige oortredings

4.2.1.1 Voorbeelde is

*1 Swak voorbereiding

*2 Nalatigheid

*3 Onaanvaarbare laatkommery of afwesigheid

*4 Werksprestasie onder die gestelde standaard

*5 Weiering om leiding te aanvaar

*6 Wangedrag, bv buierig, ongeskik of vloektaal

*7 Doelbewuste verkeerde inligting verstrek

*8 Leuens

4.2.1.2 Die riglyn vir voorgestelde aksie is:

*1 Eerste oortreding: eerste geskrewe waarskuwing

*2 Tweede oortreding: finale waarskuwing

*3 Derde oortreding: ontslag

4.2.2 Ernstige oortredings

4.2.2.1 Voorbeelde is:

*1 Onder invloed van drank en/of dwelmmiddels

*2 Beledigende optrede teenoor lidmate of ander persone

*3 Weiering om duidelike opdragte uit te voer

*4 Afwyking van, of openlike bevraagtekening van kerklike leer

*5 Openlike negatiewe teenoor leiding van die kerkraad en ander kerkvergaderinge

*6 Verspreiding van gerugte

*7 Samevattend: afwyking van die gedragskode (vgl beroepsbrief).

4.2.2.2 Die riglyn vir voorgestelde aksie is:

*1 Eerste oortreding: finale waarskuwing

*2 Tweede oortreding: inkorting van bevoegdheid

4.2.3 Baie ernstige oortredings

4.2.3.1 Voorbeelde is:

*1 Growwe afwyking van kerklike leer

- *2 Onsedelike optrede soos pedofilie
 - *3 Owerspel en Huweliksontrou
 - *4 Aanranding
 - *5 Ernstige diefstal of bedrog
- 4.2.3.2 Die riglyn vir voorgestelde aksie:
In alle gevalle moet inkorting van bedieningsbevoegdheid oorweeg word.

5. VERSWARING EN VERSAGTING

5.1 OORWEEG DIE KONTEKS

Wanneer die tribunaal / ad hoc-onderzoekliggaam oor spesifieke maatreëls moet besluit, moet hy hom van omstandighede rondom die oortreding vergewis. Sodanige omstandighede kan tot gevolg hê dat ligter of swaarder maatreëls toegepas moet word. `n Aantal praktiese situasies word hier ter illustrasie genoem.

*1 Die mate waarin die persoon sy aandeel in die situasie wat tot die optrede gelei het erken, moet beoordeel word. Het die persoon berou oor sy optrede en nie net oor die dilemma nadat hy/sy „uitgevang“ is nie? Probeer hy om skuld op ander te projekteer? Die persoon wat sy aandeel erken en egte berou oor sy optrede het, behoort sagter hanteer te word.

*2 Iemand wat besef dat sy/haar optrede skade gedoen het en probeer om die skade te herstel, behoort daarvoor erkenning te kry.

*3 Sommige fisiologiese of psigiese toestande kan `n persoon se optrede beïnvloed. Daar moet bepaal word of `n toestand soos byvoorbeeld diabetes, depressie of bipolêre versteuring aanwesig is. So `n mediese toestand kan versagting tot gevolg hê – maar die tribunaal sal moet oordeel of `n ondersoek na gebrekkige bedieningsvaardigheid nie dalk geregverdig nie.

*4 Die mate waarin die persoon deur eksterne faktore tot die onaanvaarbare optrede gedryf is, moet in gedagte gehou word. `n Woede-uitbarsting, byvoorbeeld, kan die gevolg van uittardende optrede van ander wees.

*5 Indien `n leraar se onaanvaarbare optrede uit die misbruik van `n vertrouensposisie gespruit het, moet dit as verswarend gereken word. (Voorbeelde: `n leraar wat `n lidmaat beïnvloed om geld aan hom/haar te gee; `n beradingsituasie wat tot `n verhouding lei).

*6 Die feit dat `n leraar in `n voorbeeldposisie in die gemeente staan, moet in ag geneem word en die impak wat die optrede/insident op die leraar se geloofwaardigheid het, moet beoordeel word. (Voorbeeld: kan `n leraar wie se huwelik verbreek het nog geglo word as hy/sy vertel dat `n gesonde huwelik `n Bybelse eis is?)

*7 `n Belangrike vraag – veral by die beoordeling van opskorting of die intrek van bedienings-bevoegdheid – is die mate waarin `n persoon `n risiko vir die bediening is. Die moontlikheid dat hy/sy weer skade kan aanrig, moet deeglik oorweeg word.

5.2 BEROU, TUG EN DISSIPLINE

Waar berou en herstel van verhoudinge primêr by die beoordeling of opheffing van tugmaatreëls is, speel dit `n heelwat kleiner rol by dissiplinêre maatreëls. `n Leraar, al het hy/sy egte berou oor sy optrede, kan steeds `n maksimum straf kry as sy optrede van so `n aard is/was dat die sy/haar geloofwaardigheid as leraar wesenlik afgetakel is.

5.3 PRESEDENTE

Dit is belangrik dat tug- en dissiplinêre maatreëls deurlopend eenvormig toegepas word. `n Tribunaal moet – voor die finale besluit oor maatreëls – homself eers op hoogte stel van die maatreëls wat in soortgelyke gevalle toegepas is. Die nodige inligting hieroor kan van die Algemene Tribunaal verkry word.

2. TERMYNPOSTE / PASTORALE HULPE / KERKORDE ART.11

Sien aanvullende verslag van die ATR aan die Algemene Sinode.

3. TUG OOR DOSENTE EN STUDENTE

Sien aanvullende verslag van die ATR aan die Algemene Sinode.

4. INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE

4.1 OPDRAG

1. Die Algemene Sinode 2002 het besluit:

Die Algemene Sinode verwys die hele saak van "Inskakeling oor Gemeentegrense" en "Kerklidmaatskap" ook na en AKG(sameroeper) en ATR vir deeglike studie oor die implikasies daarvan - veral ten opsigte van die kerkbegrip ter sprake - met verslag aan die volgende Algemene Sinode.

2. Vanweë die implikasie van hierdie besluit van die Algemene Sinode in die lig van Art. 10 van die Kerkorde (1998) en die NGB art. 16, versoek die TRK die Algemene Sinode om die hele verslag van die Ad

Hoc-kommissie vir Kerklidmaatskap (Agenda bladsy 306-311 punt 2.6) na die ATR te verwys om opnuut te kyk na al die AANBEVELINGS.

3. Die bewoording in die laaste paragraaf van 3.2.2.2 word vervang met:

(1) Kerkrade wat 'n lidmaat van buite die gemeente grense ontvang, gee daarvan kennis aan die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat woon. Dieselfde bewoording geld ook wat 3.2.2.3 betref.

(2) Die ATR kry opdrag om die riglyne te integreer en in die Kerkorde op te neem in plek van die huidige beleidsbesluit 14.

4. Die sinode besluit om Art 10 van die Kerkorde in lyn te bring met die besluit wat geneem is oor die hantering van lidmaatskap oor gemeentegrense heen, deur die volgende besluit by Art 10 te plaas
Besluit 10.1 Die behartiging van herderlike sorg (Art 9.6) by ingeskrewe lidmate van 'n gemeente wat in 'n ander gemeente se grense woon, mag wel geskied in ooreenstemming met die besluit van die sinode dat lidmate ook buite 'n gemeente se geografiese grense mag woon.

2 Die Algemene Sinode 2004 het Artikel 49.1 na die ATR verwys vir moontlike regstelling van die Kerkorde in die lig van vorige besluite van die Algemene Sinode.

4.2 UITVOERING VAN DIE OPDRAG

Atr-DB 05 het kennis geneem: Die ADGO het die saak verwys na prof Jurgens Hendriks. Dr Martin Lazenby kan betrek word by hierdie ondersoek. Prof Jurgens het belowe om 'n aanbeveling voor 8 September 2005 te formuleer. Die stuk word ter vergadering ontvang en deurgegaan. Dr du Toit sal die dokument aanvul met opmerkings oor die huidige situasie en ADGO word versoek om die dokument aan te vul met bedieningsimplikasies. Dr PR du Toit sal van ons kant af met ADGO saamwerk aan die ondersoek. ATR-DB12 het die volgende goedgekeur vir voorlegging aan die Algemene Sinode:

Tans bestaan gemeentegrense om die verantwoordelikheds- en invloedseer van die betrokke gemeente aan te dui. Dit maak dit gerieflik om te bepaal waar 'n betrokke gemeente aandag moet gee aan pastorale en selfs sosiale aangeleenthede; waar die ampte pastoraal betrokke behoort te wees by die lidmate wat binne daardie grense daar inskakel en diegene wat nie elders inskakel nie. Gemeentegrense is egter nie beperkend ten opsigte van die keuse van lidmaatskapbetrokkenheid nie. Die feit dat daar onderlinge kennisgewing is tussen die ontvangende gemeente en die "geografies-bepaalde" gemeente oor die inskakeling lei tans nie tot enige wrywing nie. Daar word voorgestel dat met die huidige reëlings volstaan word.

5. INTERPRETASIE VAN KERKORDE ART.62.3 OOR DIE VOORTGANG VAN DIE ONDERSOEK INDIEN DIE LERAAR TYDENS DIE ONDERSOEK BEDANK

Die saak word ondervang deur die aanbevelings van die Taakgroep vir Tribunale

6. DIE SUB-JUDICE-BEGINSEL TYDENS TUGONDERSOEKE

Die saak word ondervang deur die aanbevelings van die Taakgroep vir Tribunale

7. AFSTIGTING EN NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING

7.1 OPDRAG

*1 Die Algemene Sinode 2004 het besluit: "*Die Algemene Sinode verwys hierdie saak na die nuwe Algemene Diensgroep Gemeente-en-Bedieninge met opdrag om 'n taakspan aan te wys (waarin die ATR ook betrek word).*"

*2 Die ATR-DB 02 het die versoek van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling bespreek en dr CJP Niemandt versoek om aanbevelings voor te berei.

Die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling het die ATR versoek om 'n verslag voor 30 April 2005 uit te bring oor die wysiging van die *Kerkorde* ooreenkomstig die besluite van die Algemene Sinode 2004 ivm die Nuwe Gemeente Ontwikkeling.

*3 Die ATR-DB 02 het dr CJP Niemandt versoek om aanbevelings voor te berei en ATR-DB 03 het ter vergadering die aanbevelings, soos voorberei deur dr CJP Niemandt, in behandeling geneem. Dr CJP Niemandt het 'n konferensie bygewoon oor hierdie saak en sal die nodige aanbevelings voorberei vir voorlegging aan die volgende vergaderings van die ATR-DB en ADGO.

*4 Die ATR-DB 04 het kennis geneem van die mondelinge verslag deur dr Niemandt. ADGO dink in die rigting dat die bestaande reglement behou word met 2 wysigings: (1) daar word weg beweeg van geografiese indeling van gemeentes, en (2) dat die kerkverband (ring en sinode) die aanbiddingsplek goedkeur. (Lidmaatskap setel dus in die register van die betrokke gemeente en nie in die grense nie).

Die vergadering voel dat ons moet hou by die bestaande reglement, waar lidmate inisiatief neem in die versoek tot afstigting, maar dat ons hier inwerk dat die kerkverband (ring en/of sinode) ook inisiatief kan neem in die afstigting wanneer die lidmate in gebreke bly om sodanig te versoek. Dr Niemandt word versoek om hierdie gedagte met ADGO op te neem.

*5 Die ADGO-dagbestuur het op 1 September 2005 die voorgestelde wysigings aan Reglement 6 ontvang en behandel (soos deur dr Nelus Niemandt na 'n gesprek voorberei is). Die dokument word op 1-2 November 2005 aan die ADGO voorgeleê vir goedkeuring. Die Dagbestuur keur die wysigings goed. Die ASM het in opdrag van die Algemene Sinode die gewysigde reglement goedgekeur wat in die nuwe Kerkorde opgeneem sal word.

*6 Die **gewysigde reglement** sien soos volg daar uit:

REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTE

1. VERMEERDERING/AFSTIGTING VAN GEMEENTES

1.1 ALGEMENE REËLINGS

- 1.1.1 Die uitbreiding van die kerk en die gevolglike vermeerdering van gemeentes is die roeping en plig van 'n groeiende en lewenskragtige kerk.
- 1.1.2 Indien ongesensureerde belydende lidmate oortuig is van die noodsaaklikheid van die stigting van 'n nuwe gemeente, moet hulle 'n skriftelike versoek tot die kerkraad rig. Die versoekskrif moet die volgende insluit: (1) 'n ondersoek na die lewensvatbaarheid van 'n nuwe gemeente, (2) moontlike plekke van aanbidding, (3) begroting, (4) voorstelle oor leierskorps vir die gemeente en die toerusting van leiers (5) wyse waarop die belange van die kerkverband en gemeenskap gedien word.
- 1.1.3 Indien die kerkraad oordeel dat daar genoeg rede vir die stigting van 'n nuwe gemeente is, gee hy verlof dat die lidmate wat die nuwe gemeente wil vorm, mag oorgaan tot gemeentestigting. Dit beteken ook dat die betrokke lidmate 'n ooreenkoms met die kerkraad onderteken om die nuwe gemeente te stig.
- 1.1.3.1 Die ooreenkoms om die nuwe gemeente te stig moet ook voorstelle bevat oor die wyse waarop die gemeente se bediening sal geskied en ook voorstelle oor die wyse waarop en wanneer 'n bedienaar van die Woord bekostig sal word.
- 1.1.3.2 Wanneer die kerkraad oortuig is van die wenslikheid van die stigting van 'n nuwe gemeente en dat dit lewensvatbaar is, stuur die kerkraad die versoekskrif en die ooreenkoms kragtens Art. 31.4 saam met *aanbevelings* oor die volgende sake aan die skriba van die ringskommissie:
- 1.1.3.2.1 die voorgestelde naam en grense van die nuwe gemeente;
- 1.1.3.2.2 of, indien die gemeente nie geografies saamgestel word nie, die bedieningsfokus van die nuwe gemeente. (Die bedieningsfokus sluit die volgende moontlike in: kerkplanting in snelgroeiende gebiede of gebiede waar die sosio-ekonomiese omstandighede verander; kerkplanting waar bestaande gemeentes nie meer aan bedieningsbehoefes kan voldoen nie; kerkplanting waar geen gemeente funksioneer nie; kerkplanting waar bestaande gemeente(s) kwynend is soos blyk uit 'n dramatiese daling in lidmaatgetalle en 'n ernstige daling in finansiële vermoëns van gemeente(s)).
- 1.1.3.2.3 die ooreenkoms tot gemeentestigting;
- 1.1.3.2.4 aanverwante sake wat die aandag van die ring moet geniet.
- 1.1.4 Wanneer by die ring aansoek gedoen word om die stigting van 'n gemeente, beoordeel die ring die ingekome stukke. Indien die ring oordeel dat die nuwe gemeente gestig behoort te word, word verlof tot afstigting gegee.
- 1.1.5 Die stigting van 'n nuwe gemeente geskied deur die ringskommissie op las van die ring op 'n vergadering waarvan vier (4) weke vooraf in *Die Kerkbode* kennis gegee is, en waarheen die belanghebbendes uit die betrokke gemeente(s) opgeroep is. Die betrokke lidmate het deur die ondertekening van die ooreenkoms reeds die stigting van die gemeente goedgekeur en stem op hierdie vergadering nie weer oor die saak nie.
- 1.1.6 Op hierdie vergadering stel die ringskommissie die grense van die gemeente so duidelik moontlik vas en gee 'n noukeurige beskrywing van die grense van reeds bestaande gemeentes wat met die grense van die nuwe gemeente saamval. Indien die ringskommissie toestemming gee dat die nuwe gemeente nie geografies saamgestel word nie, word die bedieningsfokus van die nuwe gemeente so duidelik moontlik bepaal. (Sien 1.1.3.2.2. hierbo)
- 1.1.7 Op hierdie vergadering wat onder leiding van die ringskommissie staan, word die kerkslede van die nuwe gemeente met opsteek van hande verkies en wel deur die belydende lidmate wat deur hul handtekening reeds tot die stigting van die gemeente ooreengekom het.
- 1.1.8 Die bevestiging van hierdie kerkslede geskied sonder afkondiging van hul name deur die konsulent of op sy versoek deur 'n ander bedienaar van die Woord binne die kerkverband. Indien daar teen 'n persoon wat verkies is, beswaar ingebring word, word sy/haar bevestiging uitgestel totdat die saak deur die kerkraad ondersoek is.

- 1.1.9 Die kerkraad benoem een van sy lede as die bewaarder van die boeke en dokumente van die gemeente totdat 'n skriba en/of kassier benoem is. 'n Inventaris van die boeke en dokumente moet opgestel word en 'n duplikaat aan die konsulent oorhandig word.
- 1.1.10 Indien die kerkraad op versoek van sy lidmate weier om voorbereidende stappe te doen of te laat doen met die oog op die stigting van 'n nuwe gemeente, het sodanige lidmate die reg om hulle na die ring te wend met hul versoek. 'n Afskrif van die versoekskrif met volle besonderhede moet minstens drie (3) weke voor die vergadering van die ring by die betrokke kerkraad vir kennisname ingedien word.
- 1.2 WANNEER MEER AS EEN GEMEENTE EN/OF RING BY DIE AFTIGTING BETROKKE IS**
- 1.2.1 Indien dit blyk dat die beoogde nuwe gemeente uit gedeeltes van meer as een gemeente moet bestaan, terwyl die saak slegs deur lidmate van een gemeente aanhangig gemaak is, het die betrokke kerkraad die reg om die ander kerkraad(e) regstreeks om hul medewerking te nader.
- 1.2.2 Indien die aangrensende kerkraad(e) wat genader is, weier om voorbereidende stappe te doen of te laat doen met die oog op die stigting van 'n nuwe gemeente, het die betrokke kerkraad die reg om sy versoek aan die ring voor te lê.
- 1.2.3 Die ring(e) het die reg om te besluit dat maatreëls in die betrokke wyke van die gemeente(s) in die ressort van daardie ring(e) met die oog op moontlike afstigting getref word.
- 1.2.4 Waar die nuwe gemeente met lidmate uit gemeentes van meer as een ring gestig word, moet die betrokke ringe onderling besluit watter ring die stigting moet waarneem.
- 1.2.5 Wanneer die ring 'n opdrag tot stigting gee, moet die kerkraad dadelik die versoekskrif en ooreenkoms laat onderteken deur die lidmate wat deel van die nuwe gemeente wil wees.
- 1.2.6 Die kerkraad van elke gemeente wat deel van die nuwe gemeente uitmaak, moet die versoekskrif en die ooreenkoms saam met sy aanbevelings daarvoor aan die ring voorlê.
- 1.3 DIE RING KAN SELF INISIATIEF NEEM**
- 1.3.1 Waar 'n ring dit nodig ag, kan hy een of meer kerkrade opdrag gee om die stigting van 'n nuwe gemeente te ondersoek. Die ring kan ook aan sy ringskommissie opdrag gee om 'n kerkraad(e) te ontmoet en tot stigting van 'n nuwe gemeente(s) aan te spoor.
- 1.3.2 Ringe kan die stigting van 'n nuwe gemeentes oor of binne bestaande gemeentegrense aanbeveel met inagneming van kategorieë, fokusgroepe, bedieningsverskeidenheid in omliggende gemeentes en bedieningsbehoefes.
- 1.3.3 In buitengewone omstandighede kan 'n ring, wanneer geen kerkraad gevind kan word om 'n nuwe gemeente te stig nie, self poog om lidmate te vind wat oortuig is van die noodsaaklikheid van die stigting van 'n nuwe gemeente. Die ooreenkoms tot nuwe gemeentestigting word in sulke buitengewone omstandighede met die ring gesluit.
- 1.3.4 In buitengewone omstandighede kan die sinodale verband aan die ring opdragte gee om die stigting van 'n nuwe gemeente te ondersoek. Die sinodale verband kan in sulke omstandighede 'n kerkraad (e) ontmoet en tot stigting van 'n nuwe gemeente(s) aanspoor.
- 1.4 Kennisgewing van afstigting**
- 1.4.1 Die skriba van die ringskommissie oorhandig aan die kerkraad van die nuwe gemeente 'n uittreksel uit die notule van die ringskommissie, bevattende die naam van die gemeente, beskrywing van die grense of, indien toepaslik, omskrywing van die bedieningsfokus, name van kerkradslede, aanbevelings, genoem in punt 1.1.3.2, die naam van die konsulent en ander sake waarby die nuwe gemeente belang mag hê.
- 1.4.2 Die skriba van die ringskommissie gee aan die sinode kennis van die stigting van die nuwe gemeente met vermelding van die grenslyne of, indien toepaslik, omskrywing van die bedieningsfokus, asook die name van die eerste lede van die kerkraad met die oog op publikasie in *Die Kerkbode*.
- 1.4.3 **Die Kerkraad van die nuwe gemeente gee kennis aan die Registrateur van Aktes van die oordrag van eiendomme, indien nodig.**
- 1.4.4 **Die naam van die nuwe gemeente is: "Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente", en staan bekend as.....:**
- 1.4.5 **Indien dit by die vermeerdering van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke namens die nuwe gemeente vir doeleindes van uitvoering van stigting nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter en skriba van die ringskommissie van die ring in wie se gebied die te stigte gemeente geleë is.**

(Die res van die Reglement bly soos dit is)

Die ATR het ook besluit:

Aandag moet gegee word aan die moontlikheid dat gemeentestigting uit meer as een kerkverband kan geskied. Dr CJP Niemandt word versoek om hieraan aandag te skenk in oorleg met ADGO. (Die ASM sal ingelig word dat die ATR aandag gee aan die moontlike uitbreiding van die Reglement ten opsigte van hierdie saak).

7.2 AANBEVELING: AFSTIGTING EN NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING

Die Algemene Sinode neem kennis.

8. BEVOEGDHEIDSAANGELEENTHEDE

8.1 Alle bevoegdheidsaangeleentede is ordelik deur die ATR hanteer en in die betrokke Bevoegdheidsregister aangeteken. Die Bevoegdheidsregister is op aanvraag ter insae by die Skriba: Bevoegdheidsregister van die ATR beskikbaar.

8.2 Die Algemene Sinode neem kennis dat alle bevoegdheidsaangeleentede behoorlik in die bevoegdheidsregister aangeteken en ter insae op aanvraag beskikbaar is.

9. BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE IVM HOMOSEKSUALITEIT

9.1 'n Verslag, asook 'n persverklaring, is ontvang vanaf die Ringsregskommissie van die Ring van die Kaap die Goeie Hoop oor die ondersoek na en bevindinge van die ondersoekliggaam tov die nadelige gerugte rakende ds LLB Gaum. Hiermee saam is ook die kommentaar van dr CJP Niemand ontvang op die ondersoek en is 'n verklaring deur die ASM uitgereik.

9.2 Die ARK-DB 05 het besluit om 'n spesiale vergadering van die volle ARK te hou op 12 Oktober 2005 om 10:00-16:00 in Kemptonpark om uitsluitel te gee oor die besluit van die Algemene Sinode in verband met homoseksualiteit. Hierdie oproep is uitgestuur en heelwat korrespondensie is in verband daarmee ontvang.

9.3 'n Memorandum wat die verloop van besluite van die Algemene Sinode en Moderamen en Moderatuur saamvat, asook uittreksels uit "So Glo Ons" en "Geloofsverklaring 2000" is opgestel deur drr CJP Niemandt en GJ Cloete.

9.4 Die vergadering neem kennis van die verslag van die ondersoekkommissie van die Ring van Kaap die Goeie Hoop asook van die feit dat appèl intussen aangeteken is.

9.5 Die ATR stel dit duidelik dat hy geen uitspraak maak oor die inhoud, meriete of bevinding van die ondersoek na LLB Gaum nie. Indien hierdie saak wel ter sprake sou kom, sal die lede van die ATR wat betrokke is by die ondersoek of appèl, van die bespreking verskoon word.

9.6 Die vergadering besluit om die volgende vrae te hanteer na aanleiding van die Algemene Sinode se besluite:

9.6.1 Is 'n klag oor 'n homoseksuele verhouding ontvanklik?

Ondersoeke oor die lewe van ampsdraers, soos predikante, hoort by die ring. Die Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) het op 4 Mei 2005 daarop gewys dat die betrokke kerkvergaderings (soos kerkrade, ringe en sinodes) in die lig van die Skrif en belydenisskrifte moet handel in die beoordeling van spesifieke gevalle en dat dit op 'n kerklike wyse en in liefde hanteer moet word. Kerklike opsig handel oor die hele lewenswandel van ampsdraers (ook seksuele aangeleentede) (KO 2004 Art.61.4) en daarom is 'n klagte daarvoor ontvanklik.

9.6.2 Sluit die besluite van die Algemene Sinode oor homoseksualiteit enige opsig en tug van 'n ring oor sake wat op homoseksualiteit betrekking het, uit?

Nee (sien KO 2004 Art.62). As deel van die kerkverband moet die ring ook rekening hou met die standpunt van die verband in sy beoordeling van die bepaalde saak. Die feit dat die Algemene Sinode as volg besluit het, naamlik *"4.10.4 Die Algemene Sinode erken dat daar in die kerk verskillende vertolkings is van die beskikbare Skrifgegewens oor homoseksualiteit. Ons onderneem om die gesprek en studie oor hierdie saak met groot erns voort te sit met die oog daarop om die kerk en ons lidmate op die mees verantwoordelike manier te dien."*, sluit nie die reg van 'n ring uit nie om kerklike opsig oor die hele lewenswandel van 'n predikant te handhaaf en na eie diskresie op te tree in die lig van die Woord van God, die belydenis van die kerk (Artikel 61.1) en *Die Kerkorde* nie. 'n Ring se interpretasie van Artikel 61.1, wat lui: *"Tugwaardige sondes is sondes wat indruis teen die Woord van God en die belydenis van die Kerk"* word nie deur die Algemene Sinode voorgeskryf nie. Dit is dus moontlik vir 'n Ring om besluite te neem oor 'n saak waar 'n predikant in 'n homoseksuele verhouding betrokke is sonder om beperk te word deur die feit dat die Algemene Sinode gesprek en studie oor die saak voortsit.

9.6.3 Hoe besluit 'n Ring oor die tugwaardigheid van iemand wat in 'n homoseksuele verhouding betrokke is?

'n Ring neem sodanige besluit in die lig van die Woord van God, die Belydenis van die kerk (Artikel 61.1 van Die Kerkorde) en die graad van openbare aanstootlikheid. 'n Ring kan, om leiding te kry oor die korrekte verstaan van die Woord van God en die belydenis van die kerk, die uitsprake wat die kerk in die verlede oor homoseksualiteit gemaak het, ons kerklike tradisie, ander gelowiges (die breër liggaam van Christus) en die gemeenskap, in ag neem.

9.6.4 Het die Algemene Sinode besluit om 'n praktiserende homoseksuele persone te legitimeer of toe te laat as predikant?

Die ATR het die besluite van die Algemene Sinode (AS) noukeurig nagegaan en bevind en besluit soos volg:

9.6.4.1 Bevinding:

1. Die AS het besluit dat *“Volgens ons verstaan van die Skrif kan slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word”* (Handelinge 2004: 433-3.5).

2. Die AS het geen ander besluite geneem oor ander moontlike permanente verbintenis nie.

3. Die AS het geen nuwe standpunt ingeneem oor die toelating van homoseksuele persone tot die predikante-amp nie.

4. Die ATR aanvaar dat die AS so 'n gewigtige saak, wat ook die wysiging van die status quo oor die toelating van praktiserende homoseksuele persone tot die predikante-amp sou beteken, slegs by wyse van 'n behoorlike aanbeveling en besluit sou hanteer. Dit word bevestig deur die interpretasie van die Moderatuur van die AS wat lui: *“'n Interpretasie dat die Sinode hiermee tussen hierdie “twee pole” plek sou maak vir “verantwoordelike” praktiese homoseksuele liefdesverhoudings, is nooit bespreek nie en ook nie as 'n konsekwensie van volwaardige lidmaatskap oorweeg nie. So ook nie die toelating van praktiserende homoseksuele persone tot die predikante-amp nie. Intendeel, die gees en bedoeling was juis dat dit die soort saak is wat vir verdere studie en gesprek verwys word”*.

5. Die ATR handhaaf dat bevindinge en besluite met betrekking tot tugwaardige sondes primêr geneem word in die lig van die Woord van God en die Belydenis van die kerk (KO 2004 Art.61.1). Kerkvergaderings kan, om leiding te kry oor die korrekte verstaan van die Woord van God en die belydenis van die kerk, uitsprake wat die kerk in die verlede gemaak het, in ag neem. Gesprek met ons tradisie, ander gelowiges (die breër liggaam van Christus) en die gemeenskap help in hierdie proses

9.6.4.2 Besluit:

Die ATR besluit ingevolge bepaling 3.3 van die Reglement vir die ATR om by kuratoria aan te beveel om die legitimasie van praktiserende homoseksuele kandidate te hanteer in die lig van die bogenoemde bevindinge.

Die Skribas van die verskillende sinodes en kuratoria is in kennis gestel van hierdie besluit van die ATR.

9.7 AANBEVELING: HOMOSEKSUALITEIT

Die Algemene Sinode neem kennis.

10. DIE KATEGETE-AMP

10.1 Die Algemene Sinode 2002 het besluit: *“Die Algemene Sinode voorsien die moontlikheid dat die kategete-amp as 'n volwaardige amp ingestel kan word en verwys die verdere besinning hieroor na die AKG en ARK vir verdere studie met verslag en AANBEVELING aan die volgende Algemene Sinode.”*

10.2 Die ARK-DB 02 het besluit om die insette van die AKG in te wag voor ons verdere aksie sal neem. Die ADGO het besluit om van die saak af te stap.

10.3 AANBEVELING: KATEGETE-AMP

Die Algemene Sinode neem kennis.

11. AANSTELLING VAN 'N JEUGWERKER AS HUWELIKSBEVESTIGER

AANBEVELING: JEUGWERKERS AS HUWELIKSBEVESTIGERS

Die ATR versoek die Algemene Sinode om:

1. aan te dui of daar so 'n ondersoek nodig is; en
2. om die nodige opdrag in hierdie verband te gee indien nodig.

12. PREDIKANTE IN DIENS VAN KINDERHUISE EN ANDER SODANIGE INRIGTINGS

12.1 Die ARK-DB besluit ingevolge Regl 3 pt 2.3.2 dat kinderhuise en ander sodanige inrigtings by die Moderamen van die Algemene Sinode aansoek moet doen om as kerklike instansie goedgekeur te word en versoek dr GJ Cloete om 'n verslag met aanbevelings hieroor voor te berei vir voorlegging aan die ARK-DB by sy eerskomende vergadering.

12.2 Die ARK-DB03 het kennis geneem dat die verslag met aanbevelings oor predikante in diens van kinderhuise en ander sodanige inrigtings, opgestel deur Dr GJ Cloete, voor die ASM gedien het en goedgekeur is. Die ARK moet nou die ASM adviseer oor die prosedure wat gevolg moet word in die geval van die betrokke persone. Dr GJ Cloete sal die advies opstel en elektronies aan die lede van die ARK-DB deurgee vir goedkeuring, waarna die Skriba van die ARK dit aan die Algemene Sekretaris sal deurstuur as die amptelike advies van die ARK-DB.

12.3 AANBEVELING:

Die Algemene Sinode neem kennis.

13. BESLUIT VAN DIE RING VAN CRADOCK OOR DIE BEDIENINGSBEVOEGDHEID VAN KERKRAADSLEDE

13.1 Die vergadering bespreek die besluit van die Ring van Cradock en versoek dr CJP Niemandt om die skrywe te beantwoord. Die onderliggende beginsel word ook verwys na die ad hoc-taakspan vir predikantsake.

13.2 AANBEVELING: BESLUIT RING CRADOCK

Die Algemene Sinode neem kennis.

14. BEVOEGDHEID VAN PREDIKANTE VERBONDE AAN DIE WBG

14.1 Die ATR-DB03 het die konsepooreenkoms tussen die NGK en die WBG aanbeveel by die ASM aan vir goedkeuring, met kennisgewing aan die Taakspan vir Bybelvertaling, Bybelverklaring en Bybelverspreiding.

14.2 AANBEVELING: PREDIKANTE VERBONDE AAN DIE WBG

Die Algemene Sinode neem kennis.

A.3.5 VERSLAG VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN TEOLOGIESE OPLEIDING

1. VERSLAG VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

1.1 INLEIDEND

Gedurende die afgelope paar jaar het AKTO opnuut onder die indruk gekom van hoe belangrik teologiese opleiding vir die kerk is. Daar was voortdurend kennis geneem van die volgende sake: vordering wat die A-Z Taakspan oor Predikantebediening gemaak het; die verwickelinge op nasionale onderwysgebied en die invloed daarop ten opsigte van die graadstruktuur vir teologiese opleiding; die verwickelinge ten opsigte van kerkhereniging en hoe dit moontlike toekomstige gesamentlike teologiese opleiding kan raak.

Dit alles het daartoe gelei dat AKTO se vergaderings al meer in belangrikheid toegeneem het. Waar daar in die verlede volstaan was met 'n halfdag vergadering het dit so uitgebrei dat een vergadering oor verskeie dae plaasvind het - een geleentheid het selfs oor drie dae gestrek!

Hierdie verslag sal aantoon dat daar oor baie sake nog geen finaliteit is nie - juis omdat alles nog nie duidelik uitgekristalliseer het nie.

2. TEOLOGIESE STUDENTE

2.1 INLIGTING

Die getal studente wat hulle in die afgelope paar jaar aangemeld het met die oog op die bediening in die NG Kerk het geleidelik gegroei. Aan die begin van Maart vanjaar het die situasie min of meer soos volg daar uitgesien (slegs getal NG studente: ander kerke s'n nie in berekening gebring nie):

INRIGTING	Vierjarige Graad	Laaste 2 jaar	TOTAAL
STELLENBOSCH	60	22	82
PRETORIA	158	36	194
BLOEMFONTEIN	74	21	95

Die nagraadse getalle van studente is as volg (hier kon nie onderskei word wie NG Kerk is of nie - totale getalle word gegee): Stellenbosch 117, Pretoria 357 en Bloemfontein 124).

AKTO is dankbaar vir hierdie vermeerdering in die getal studente, veral in die lig van die geantisipeerde tekort wat binne die predikantekorps mag ontstaan gedurende die volgende klompie jare (soos deur Kerkspieël voorspel en volgens gegewens van die Pensioenfondse).

Die getal studente bied in elk geval vir die kerk besondere geleenthede ten opsigte van arbeiders vir die oes.

2.2 AANBEVELING: STUDENTEGETALLE

Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groei in studentegetalle.

3. BETROKKENHEID VAN FAMILIE VAN NG KERKE

3.1 AGTERGROND

Reeds voordat daar belangrike deurbrake ten opsigte van die proses van kerkhereniging by Kemptonpark gemaak is in Junie 2006, het AKTO in Mei 2006 begin om verteenwoordigers van die familie van NG Kerke te nooi om die vergaderings as waarnemers by te woon. Dit het beslis waarde toegevoeg tot die vergaderings.

Op hierdie vergaderings kon ook aandag gegee word aan die verskillende vereistes wat die kerke stel, ook ten opsigte van die lengte van die opleiding (VGKSA het reeds op 'n vyfjaar opleiding met verhoogde praktykvorming besluit).

3.2 AANBEVELING: BETROKKENHEID VAN FAMILIE VAN NG KERKE BY GESPREK MDO TEOLOGIESE OPLEIDING

Die Algemene Sinode neem dankbaar kennis van die feit dat die familie van NG Kerke betrokke is by

die gesprek oor teologiese opleiding. Die Algemene Sinode versoek AKTO om betrokke te bly by die gesprek met die familie van NG Kerke deur ook te bepaal hoedanig teologiese opleiding kan meehelp om die eenheidsproses te dien en verder aandag te gee aan alle sake rakende teologiese opleiding soos bv. die plekke van opleiding, die duur en inhoud van die kursus ens.

3 PROFIEL VAN PAS-GELEGITIMEERDE STUDENT

4.1 PROFIEL BINNE DIE NG KERK

Gedurende die afgelope termyn is daar opnuut na die Profiel van die pas gelegitimeerde student gekyk. Die volgende word vir goedkeuring voorgelê:

PROFIEL VAN DIE PAS GELEGITIMEERDE VIR PREDIKANTSKAP IN DIE NED GEREK Kerk

AKTO (Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding) het 'n profiel van die afgestudeerde student saamgestel waarin die behoeftes van die NG Kerk in die opleiding verwoord word, en wat as riglyn sal dien in die onderhandelinge tussen die Kerk en die Teologiese Fakulteite wat betref die inhoud en aanbieding van die verskillende kursusse.

As uitgangspunte word aanvaar dat...

- * die profiel en identiteit van die afgestudeerde student ingebed moet wees in die profiel en identiteit van die kerk/gemeente. Die vereistes wat aan die predikant gestel word, en die verwagtinge wat van hom/haar gekoester word, hang daarby ten nouste saam met die situasie waarin die kerk haar bevind.
- * predikante oor beperkte vermoëns en gawes beskik, en dat die ideale beeld wat in die profiel gestel word nie volledig in een persoon verwesenlik kan word nie. Teologiese studente moet gehelp word om hul eie moontlikhede en beperkinge te leer ken, en te fokus op die maksimale ontwikkeling van eie vermoëns. Alhoewel een persoon nie alles vir almal kan wees nie, is daar tog sekere basiese verwagtinge waaraan elke predikant moet probeer voldoen.
- * geestelike volwassenheid wat bestaan uit sekere basiese vermoëns en vaardighede die hoekstene vorm vir bedieningsgereedheid en beroepsgeskiktheid.

1. GEESTELIKE VOLWASSENHEID EN ROEPINGSBEWUSTHEID (Patos-aspekte en Spiritualiteit)

'n Student wat toegerus is vir die bediening is iemand wat opmerklik gevorder het op die pad na geloofs- en geestelike volwassenheid, en steeds oop is vir 'n lewenslange groeiproses.

Dit sluit onder meer in dat die student...

- 1.1 in afhanklikheid van en in verbondenheid met die Here leef, bewus van ons swakheid en sondigheid, en van Christus se genade, vergifnis en heiligende krag
- 1.2 uit die Woord van God leef, wat persoonlike omgang en diepgaande kennis van die Woord veronderstel
- 1.3 'n gesonde persoonlike gebedslewe sal hê wat as grondslag dien van die bediening van die gebede in die gemeente (geloofsdissiplines)
- 1.4 besef dat 'n mens nie ander op die pad van geloof kan help as jy nie voortdurend let op jou eie geloof, geloofsgroei en heiligmaking deur die Gees nie
- 1.5 se geloof in Christus met sy/haar totale lewe geïntegreer is
- 1.6 'n oortuiging het dat die Here haar/hom tot die evangeliebediening geroep het en ook verstaan dat hierdie roeping iets is wat voortdurend gekoester moet word
- 1.7 weet dat ons in hierdie roeping met ander gelowiges en die kerk deel en dat ons dit vervul in navolging van Christus wat daagliks onder ons en in die wêreld werk as Profeet, Priester en Koning
- 1.8 'n sterk verantwoordelike sin, pligsgetrouheid, asook werkywer aan die dag sal lê
- 1.9 weet dat lewenslange leerbaarheid 'n wesenlike deel van bekering is en dat ons daarin vir die gemeente 'n voorbeeld moet wees.
- 1.10 verstaan dat offervaardigheid, selfverloëning en kruisdra deel is van dissipelskap en die navolging van Christus

2. TEOLOGIESE EN HERMENEUTIESE VERMOËNS (Logos-aspekte)

Dit sluit onder meer in dat die student...

- 2.1 sal verstaan dat die Bybelse verhaal 'n missionêre verhaal is van 'n God wat alles in beweging bring om sy wêreld tot heil en tot redding te wees, en dat die teologie, die kerk, die bediening en al die ampte in diens staan van die MISSION DEI
- 2.2 grondige kennis van die Skrif en die Bybelse teologie sal hê
- 2.3 goed onderleg sal wees in die hantering van die Skrif in alle situasies van die bediening, wat insluit hermeneutiese vaardighede met die oog op Skrifgetroue en Christosentriese prediking en die vermoë om dit effektief aan die gemeente oor te dra
- 2.4 'n goeie kennis van die ekumeniese Belydenisskrifte en die geskiedenis van die kerk en die teologie sal hê en 'n historiese bewussyn sal bly ontwikkel
- 2.5 'n goeie kennis van die gereformeerde leer en lewe sal hê, en toegerus is vir 'n bedieningsstyl waarin die gereformeerde identiteit tot sy reg kom

- 2.6** duidelikheid het oor die aard van die Skrifgesag en toegerus is om 'n helder getuienis daarvoor af te lê
- 2.7** 'n geïntegreerde lewensbeskouing huldig waarin die komplekse werklikhede van ons dag verstaan word binne die raam van God se liefdevolle en genadige regering oor kerk en wêreld
- 2.8** 'n duidelike verstaan sal hê van die wese en roeping van die kerk (ekkesiologie) in sy ekumeniese, denominasionele, gemeentelike en informele gestaltes
- 2.9** verstaan dat die evangelie nie net bedoel is vir die gemeente en vir gelowiges nie, maar publieke implikasies het en daarom om publieke getuienis vra

3. KARAKTER- EN PERSOONSONTWIKKELING (Etos-aspekte)

Dit sluit onder meer in dat die student...

- 3.1** volwasse en gebalanseerd in persoonlikheid, lewensuitkyk en -praktyk sal wees
- 3.2** tot 'n gesonde selfaanvaarding gekom het wat 'n positiewe selfverstaan, kongruensie en selfinsig behels, en wat kennis van persoonlike sterk en swak punte insluit
- 3.3** toeganklik is, en 'n vermoë het tot intieme persoonlike verhoudinge en gemaklike, spontane interaksie met ander mense
- 3.4** verstaan dat insiklikheid en onderwerping aan mekaar en aan breër gesag deel is van ons lewe in die liggaam van Christus
- 3.5** in staat is om met ander – kollegas en gemeentelede – in spanne saam te werk
- 3.6** oor die pastorale sensitiwiteit beskik om mense empaties te ondersteun sonder om self emosioneel meegevoer te word
- 3.7** oor die vermoë beskik om konflik objektief en oordeelkundig te hanteer
- 3.8** bereid is tot 'n groeiproses en 'n openheid het om gehelp te word en te verander
- 3.9** iemand is wat die gebrokenheid van die lewe verstaan, weet dat lyding deel is van die lewe en sy/haar eie gebrokenheid erken en bereid is om as "gewonde geneser" ander te dien
- 3.10** die etiese implikasies van die evangelie duidelik verstaan en met oorgawe daarin leef
- 3.11** 'n mens met integriteit sal wees, bekend vir sy/haar egtheid, eerlikheid en 'n diepe respek vir die waarheid

4. BEDIENINGSVERSTAAN EN -VAARDIGHEDE (Praxis-aspekte)

Dit sluit onder meer in dat die student...

- 4.1** 'n visie sal hê op die kerk se missionêre taak ten opsigte van die omvattende nood in die wêreld
- 4.2** sal verstaan dat gemeentes die primêre draers en uitleggers van die evangelie is en dat al ons werk en vaardighede in diens van die gemeente en haar funksionering staan
- 4.3** daarom 'n goeie begrip sal hê van die unieke roeping en werking van gemeentes, toegerus is vir die hantering van die eise van veelkantige gemeentebediening, insluitend die uiteenlopende uitdagings en bedieningsbehoefes van byvoorbeeld plattelandse, voorstedelike en middestad-gemeentes, asook enkelstandplaas en makro-gemeentes
- 4.4** ook 'n goeie begrip sal hê van wat die leiding en begeleiding van 'n gemeente beteken en gereed sal wees om die soort leiding op hom of haar te neem saam met die ander ampte in die gemeente
- 4.5** die basiese bedieningsvaardighede bemeester het wat onder meer liturgiese vaardighede, kommunikatiewe vaardighede (prediking en lering), koinoniale en gemeenskapsvormende vaardighede, begeleidings en toerustingsvaardighede en leierskaps- en bestuursvaardighede insluit
- 4.6** toegerus sal wees vir gespesialiseerde en toegespitste bedieninge soos onder andere kinder- en tienerbediening en bejaardesorg
- 4.7** 'n lojaliteit sal hê teenoor die kerk in die algemeen en die NGKerk in die besonder

5. KONTEKSTUELE SENSITIWITEIT

Dit sluit onder andere in dat die student...

- 5.1** die vermoë moet hê om in ons geroopenheid saam met ander kerke in SA die konteks (SA en Afrika) te lees en te interpreteer in die lig van die Skrif
- 5.2** sensitief sal wees vir die verskeidenheid van wêreldkontekste waarbinne van ons mede-landgenote leef en waarin die verskillende kerke in ons land hul bediening moet vervul
- 5.3** insig sal hê in die groot samelewingsprosesse (internasionaal, kontinentaal en nasionaal) waarbinne ons leef en die effek daarvan op ons wêreld, kerk en gemeentelike lewe sal verstaan
- 5.4** in staat sal wees om saam met ander die roeping van die kerk in 'n spesifieke tydsgeewig te verstaan, wat insluit armoede, vigs, misdaad, versoening, rassisme en die belang van die familie
- 5.5** begrip sal hê vir mense se leef-, beroeps- en belewingswêreld, denkraamwerke (paradigmas), geloofsfasies, geestelike en maatskaplike nood, asook vir die tydgees en waardes wat hulle denke en gedrag beïnvloed

In 'n diagram sou ons dit soos volg kon voorstel. Die oorvlueing van die sirkels dui op die integrasie van die drie aspekte van die profiel. Die integrasiepunt is geestelike volwassenheid wat kulmineer in die student se lewe coram Deo.

4.2 AANBEVELING: PROFIEL VAN GELEGITIMEERDE STUDENT

Die Algemene Sinode keur die profiel as riglyn goed.

4.3 PROFIEL VAN DIE PAS-GELEGITIMEERDE IN DIE FAMILIE VAN NG KERKE

Ter wille van verryking word die beskikbare profiele van pas gelegitimeerdes in die familie van NG Kerke vir kennisname voorgelê:

4.3.1 VGKSA

OBE (Outcome Based Education) PROFILE (General Synod Agenda 2005, pp. 298-304)

1 The following integrated set of values, knowledge, skills were approved by Gen Synod 2005 as:

- * the essential competencies that are required of a person before s/he may be licensed to the ministry in the URCSA;
- * as the basis for the whole process of ministerial formation;
- * as the criteria to be used by examination commissions of regional curatoria in assessing candidates for licensing to the ministry.

2 Values/attitudes

The values required of a minister are as follows:

2.1 Genuine faith

A person who: practises what s/he preaches; is a wo/man of God; honours God; has a deep spirituality; whose faith is reflected in her/his lifestyle; has holistic kingdom values, constantly reinforced through Bible study and prayer;

2.2 A sense of calling

A person who: lives a life of discipleship; is faithful to her/his calling; loves to work and achieve success for the church of Christ; is willing to sacrifice and work hard, even at awkward hours; a sense of commitment; loyalty to URCSA, Africa,

2.3 Self-respect

A person who: has a positive self-image; has personal integrity and honesty; is humble; is trustworthy; takes pride in her/his work, striving for excellence; has a high sense of duty and responsibility; inner strength;

2.4 Character traits

Endurance; patience; tolerance; punctuality; willingness to learn and grow; confidentiality; openness; emotional balance and integration; good reputation; sober habits; a just and fair disposition; inquisitiveness; wisdom; ability to say 'yes' and 'no'; a sense of humour; creativity; not greedy to enrich him/herself; innovative; adaptable; peace-making; transparency and accountability; firm, principled and consistent personality; not abuse her/his position of power;

2.5 Reflexivity

Introspection; a healthy self-knowledge and awareness of his/her limitations; not threatened by criticism of others; a healthy self-critical attitude, constantly striving to grow and improve;

2.6 Respect for others

Compassionate; caring; empathetic; stable working relationships; accessible; available; impartial; dependable; acceptance of different views without turning those who differ into enemies; respect for authority, in the church and community; sensitivity to the suffering; non-judgmental;

3 Knowledge

The knowledge component has traditionally been the main focus of ministerial formation, which is why it has usually been called "theological education." There is a close relationship between values, skills and knowledge. For each practical skill there is a theoretical basis. For this reason there is a measure of overlap between this section and the following one. The following dimensions of knowledge are deemed essential for a URCSA minister:

3.1 Basic theological orientation

The ability to: a) analyse (research) a context (congregation, community, country, continent, world); b) think theologically in a Reformational way in relation to that context analysis; c) develop relevant ministry strategies in response to the issues raised; d) cooperate and network with colleagues and partners in doing so.

3.2 The Bible/hermeneutics

Basic competence in Hebrew and Greek; good Bible knowledge; method of contextual interpretation; different approaches to hermeneutics;

3.3 Systematic theology

Basic approaches to "dogmatics" and "systematic theology"; the four confessions of the URCSA, especially Belhar; the dynamics of Reformed theology; contextual and liberation theologies; African-and-Reformed theology;

3.4 Theological ethics

Different approaches to ethics; ethical decision-making; value ethics;

3.5 Church history

2000 years of church history; key turning points and defining moments; development and growth of Christianity in South Africa and other African countries; history of DRC “family”, especially the URCSA;

3.6 Practical theology

Theoretical aspects of: preaching; Christian education/catechism; youth ministry; liturgics; pastoral care and counselling; funerals and bereavement; church organisation or management; Christian leadership; small group work (cell groups, etc.); leadership development;

3.7 Missiology, intercultural theology, ecumenism

Contextual Christian witness; Theology of holistic mission; theology of interreligious encounter; theology of intercultural communication; racism and reconciliation/liberation; ecumenical cooperation and networking;

3.8 Church polity (“kerkreg”)

Theological insights underlying a presbyterial system of church governance; types of church governance (episcopal, independentist, presbyterial) and the history of each type; Church Order of the URCSA;

3.9 Other disciplines (electives)

An inter-disciplinary approach; willingness and ability to use insights from other sciences:

History (South African politics, economics, cultures, communities);

Religious Studies (faith of other religious communities; indigenous knowledge systems);

Political Science (Democracy; African Renaissance; NEPAD);

HIV/Aids pandemic (Prevention; Pre-test & post-test counselling; Home-based care; De-stigmatising in congregations and communities);

Development studies (human-centred development, poverty alleviation, sustainable livelihood framework);

Psychology (counselling skills, developmental psychology; gender identities;)

Linguistics (simultaneous interpretation; multi-lingualism)

English (good vocabulary and grammar, documentation and record keeping)

First language (good vocabulary and grammar)

An(other) African language (basic communication skills)

Sociology (social dynamics in families and communities; urbanisation; crime and crime prevention);

Law (human rights discourse; labour relations; marriage law; mediation, arbitration, conflict resolution)

Accountancy (basic bookkeeping, interpretation of financial statements)

Economics (entrepreneurship)

3.10 Global context

Globalisation and its impact;

3.11 General knowledge

Good general knowledge of South African life and culture, including sport, entertainment, politics, history, literature.

4 Skills

The skills identified in the process can be categorised in the following way:

4.1 Communication skills

4.1.1 Proclaiming: Applying the Bible contextually; explaining the Bible to others; Preaching; Persuading people; making eye contact; credible communication; Communicating well in context; Intercultural communication skills; Interest in well-being of congregation – sharing in people’s joys and sorrows; Communicate with young people – good listener; Conducting funerals; Language abilities; Conducting services; ability to interpret from/to different languages;

4.1.2 Teaching: Sunday school, catechism and group Bible study;

4.1.3 Writing: Communicate on paper – prepare reports, agendas, minutes, correspondence; computer literacy; draw up a newsletter;

4.2 Interpretation (hermeneutical) and intellectual skills

Critical reading and understanding of the Bible in context; Critical thinking and evaluation; Reading = life long learning; Continue updating of knowledge and skills to be contextual;

4.3 Spirituality (Word and Spirit)

Listening to God (meditation); Prayer; Spiritual self-preparation (not only sermons); Spiritual leadership; Spiritual training of congregation; Personal and moral formation; Quality leadership; Character building; Creativity; Discerning; Resistance to pressure.

4.4 Management/leadership

4.4.1 Abilities to lead; Spiritual leadership; Visionary leadership; Team leader/mobilising a team; Goal setting, motivation; Strategic planning; Directing people to their goal; Ability to combine different functions in a congregation (pastor, leader, manager, preacher, counsellor, etc.); Meeting procedure; Organising and leading meetings; Facilitation; Group dynamics; Empowerment and delegation; Team worker/ good working relationships; Networking with other ministers/colleagues; Skilful in managing diversity and complexity; Being ‘neutral’ with regard to diversity in a congregation and community; Persuasion; Negotiation; Listening to people/community; Relate well to people – also language-wise; Listening to what people say – and don’t say; Look with open eyes; Observing non-verbal signs (whole situation); Resistance to pressure;

Transparency; Punctuality; Time management; Computer literacy; Technology; Management and administration; partnership; Impartial problem-solving, without apportioning blame to those who differ from you; Ability to deal with rapid change;

4.4.2 Financial management: draw up a budget; interpret financial statements; monitor spending; financial skills and bookkeeping; fund-raising;

4.5 Pastoral care-giving

Impartial problem-solving, without apportioning blame; remembering people's names; care and emotional support to members in a violent, stressful society; bereavement and trauma counselling; counselling people who are ill and in hospital; marriage & family counselling; healing of memories; therapeutic group work.

4.6 Involvement in society

4.6.1 Basic approach: Research; intervention; networking with other ministers/colleagues; acceptance of different views; sensitivity to a situation; assertive (not passive or aggressive); listening to people/community; relate well to people – also language-wise; look with open eyes; partnership; peace-making

4.6.2 Ecumenical cooperation

4.6.3 Community issues: Arbitration of labour disputes; unifying people; reconciliation/healing; rebuilding relationships/mediation; conflict arbitration and resolution; communicating well in context; intercultural and interreligious communication skills; care and emotional support to members in a violent, stressful society; attention to people with disabilities; promote gender equality; uplifting moral behaviour in communities; do context analysis (human, not clinical); entrepreneurial: project leaders, job creation; 'jack of all trades' (rural areas);

4.3.2 NGKA

VEREISTES VIR TEOLOGIESE OPLEIDING NED GEREF KERK IN AFRIKA

1. TER INLEIDING

Hierdie is 'n voorstel soos geformuleer deur die Kuratorium in samewerking met die Eksamenkommissie op 23/11/05 en goedgekeur deur die ASK vir kommentaar deur die Streeksinodes, Ringe, gemeentes, dosente en ander lede van die NG familie.

Om die vereistes vir teologiese opleiding te bepaal is daar eers gevra wat die vereistes is wat gestel word aan 'n leraar van die Ned Geref Kerk in Afrika, met ander woorde, hoe moet 'n persoon daar uitsien wanneer hy afstudeer. Dit sal die kerk en die fakulteit help om te bepaal

- (a) wat die toelatingsvereistes vir opleiding moet wees
- (b) hoe die teologiese opleiding deur die fakulteit daar moet uitsien
- (c) watter opleiding die kerk addisioneel tot die van die fakulteit moet aanbied
- (d) watter geestelike begeleiding daar tydens studie moet wees.
- (e) Waarop die toesig oor studente moet let. (Terwyl 'n student onmoontlik met toelating reeds aan al hierdie vereistes kan voldoen moet daar van die begin af en deurlopend die strewe en groei daarin wees.)

2. VEREISTES GESTEL AAN 'N LERAAR, IN DIE BESONDER VIR DIE BEDIENING IN DIE NED GEREF KERK IN AFRIKA

1.1 HOE 'N MENS MOET HY WEES - GEESTELIKE/PSIGIESE VEREISTES

- Hy/sy moet 'n navolger van Christus wees wat die Here en sy Woord liefhet
- So moet hy 'n voorbeeld word vir ander
- 'n voorbeeld van iemand wat sy eie sondigheid en swakheid besef sodat hy uit die genade en soendood van Christus alleen leef,
- en terselfdertyd bereid is om te groei en gevorm te word en ywerig is om te leer.
- Hy moet leier en dienskneeg wees soos Christus
- bereid om sy kruis op te neem en homself te verloën.
- Hy moet in gehoorsaamheid buig onder Christus se heerskappy oor sy hele lewe
- en die begeerte hê om in lojaliteit aan Christus net sy heerskappy in die kerk in die algemeen en NGKA in die besonder te bevorder..

- Daarom moet hy deurlopend in die gebed buig onder die leiding van die Heilige Gees.
- So moet die vrug van die Gees sigbaar word in sy lewe naamlik liefde, vreugde, vrede, geduld,

vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid .. en selfbeheersing.

- Hy moet sowel geestelik as sielkundig volwasse wees met 'n goeie selfbeeld
- en die vermoë om kritiek en konflik objektief en konstruktief te hanteer
- Hy moet 'n duidelike roepingsbesef hê vir die bediening, ook vir die sending na buite.
- Hy moet 'n pastorale sensiwiteit hê vir mense in verskillende situasies van nood: jongmense, bejaardes, gestremdes, siekes, ens.

1.2 OOR WATTER VAARDIGHEDDE MOET HY BESKIK

- Hy moet 'n goeie teologiese opleiding as basis hê
- Hy moet die Gereformeerde leer goed ken en dit kan onderskei van ander leringe (soos van die Onafhanklike kerke) en ander godsdienste waarmee die NGKA in sy konteks te doen kry.
- Hy moet die aard van die Skrif en Skrifgesag verstaan en die Skrif kan uitlê in sy eie konteks en vir die konteks van vandag.
- Vir die doel moet hy 'n mate van kennis van die grondtale hê en die wêreld met al sy veranderinge verstaan en kan beoordeel.
- Hy moet die Skrif kan bedien uit die Ou Testament en Nuwe Testament op so 'n manier dat die hoorders die Drie-enige God ontmoet
- wat Hom in Christus na ons neergebuig het, en hulle voor Christus as Verlosser en Here buig, die troos in Christus omhels en Hom as enigste Here van die Kerk volg.
- Hierdie bediening van die Woord moet kan geskied in die prediking, kategetiese, huisbesoek, pastoraat, sending (ook aan persone vasgevang in ander godsdienste) asook in kruiskulturele situasies.
- Hy moet begrip hê vir die vereistes van verskillende bedieningsituasies soos platteland en stad, gemeentes met een of meer leraars of waar een leraar meer as een gemeente in kombinasie moet bedien.
- Hy moet goed toegerus wees vir die Jeugbediening
- maar ook vir die bediening aan ander groepe soos bejaardes, plakkersgebiede, gevangnisse, hospitale ens.
- Hy moet begrip hê vir die nood (geestelike en maatskaplik), van die mense in die verskillende situasies en moet deur die misionêre diakonaat dit kan help verlig..
- In die lig van die tekort aan leraars moet hy in die besonder in staat wees om gelowiges te kan toerus en 'n gemeente te begelei om sy eie roeping, ook sendingroeping te ontdek en uit te leef.
- Hiervoor is toerusting in leierskap (as dienskneg) nodig, asook in beplanning en administrasie (lg in die besonder soos vereis binne die strukture van die NGKA).
- Hy moet die vermoë hê om konflik sinvol te hanteer, met ander saam te werk en 'n goeie verhouding met almal te kan handhaaf, insluitende medeleraars, jongmense, bejaardes, geleerdes en ongeleerdes.
- Hy moet oor goeie kommunikasievaardighede beskik en nie neersien op ander se tale nie. maar die bereidheid hê om dit aan te leer waar dit vir sy bediening van die Woord nodig mag wees.
- Hy moet die verskillende fasette van die bediening sinvol kan beplan en integreer in sy eie program sodat sy primere taak as Bedienaar van die Woord tot sy reg kom in al daardie fasette.
- Hy moet verstaan wat die Kerk van die Here is, hoe die Here sy kerk regeer, en hoe dit verwoord is in die Kerkorde van die NGKA.
- Hy moet die geskiedenis van die kerk ken, in die algemeen maar ook soos dit die Ned Geref Kerk in Afrika raak.
- Hy moet oor die nodige liturgiese vaardighede beskik asook 'n liefde vir en kennis van kerklied.
- Hy moet die vermoë hê om ou en nuwe gebruike of kultuurverskynsels waaraan lidmate van die NGKA blootgestel word aan die Skrif te toets en moet die etiese kwessies van die dag vanuit die Skrif kan hanteer.
- Al hierdie vaardighede moet hy nie net teoreties aanleer nie. Hy moet reeds ydens sy opleiding praktiese blootstelling en inoefening daarin ontvang sonder dat die diepgang van sy teologiese opleiding daaronder ly.

4.3.3 RCA

Die RCA werk tans nog aan sodanige profiel.

4.3.4 AANBEVELING: PROFIEL VAN PAS-GELEGITIMEERDES NG KERK-FAMILIE

Die Algemene Sinode neem kennis van die profiel van pas gelegitimeerdes in die familie van NG Kerke.

5. A - Z HANDLEIDING

5.1 INLEIDEND

AKTO was by die vorige Algemene Sinode een van die instansies wat gevra het dat daar 'n deeglike ondersoek gedoen word na die posisie van die predikant. Dit is dus ook duidelik dat die implikasies van hierdie verslag soos wat dit deur die ASM goedgekeur is en verder deur die Algemene Sinode verfynd kan word, baie groot invloed sal uitoefen op die sake waarmee AKTO in die toekoms te doen sal hê.

5.2 AANBEVELING: A-Z HANDLEIDING

Die Algemene Sinode versoek AKTO om so spoedig moontlik al die aanvaarde voorstelle rakende teologiese opleiding van die A-Z Handleiding ten uitvoer te bring by die drie opleidingsentra van die kerk in samewerking met die onderskeie kuratoria en fakulteite.

6. EENVORMIGE COLLOQUIUM DOCTUM

6.1 BESTEK

AKTO het daarin geslaag om 'n eenvormige bestek vir die Colloquium Doctum daar te stel. Die presiese wyse van eksaminering word deur die betrokke Eksamenkommissie afgeneem.

6.2 AANBEVELING: EENVORMIGE COLLOQUIUM DOCTUM

Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die eenvormige Colloquium Doctum

7. TWEEDE LOOPBAAN-STUDENTE

7.1 AGTERGROND

AKTO is terdeë bewus van die feit dat die kerk nie behoorlik ingerig is om aan hierdie kategorie student behoorlik aandag te gee nie. Sake wat baie meer aandag moet geniet, is die moontlikheid van telematiese onderrig, blok-(veral vakansie)-kursusse, teginoetkoming ten opsigte van residensie aan 'n universiteit, ens. AKTO is van oordeel dat hierdie ook 'n aspek is waarby die kerk as geheel betrokke moet wees en dat dit nie noodwendig net aan een bepaalde opleidingsentrum behoort te geskied nie.

7.2 REGLEMENTWYSIGING

Ten opsigte van residensie bepaal Reglement 14, par 4.2.4 die volgende: Die NG Kerk vereis dat persone wat toegelaat wil word tot die bediening ten minste die laaste drie jaar van die opleiding voltyds aan een van die kerklik-erkende opleidingsentra moet voltooi. In hoogs uitsonderlike gevalle kan die kuratorium diskresie toepas met verantwoording aan AKTO.

AKTO versoek dat hierdie bepaling groter vryheid gee vir tweede loopbaan studente. Hierdie is 'n aangeleentheid waarby AKTO van die begin af 'n groter rol moet speel.

AKTO stel voor dat die betrokke paragraaf verander word om te lui:

Die NG Kerk vereis dat persone wat toegelaat wil word tot die bediening ten minste die laaste drie jaar van die opleiding voltyds aan een van die kerklik-erkende opleidingsentra moet voltooi. In die geval van tweede loopbaan studente en ander hoogs uitsonderlike gevalle kan AKTO, op voorlegging van 'n kuratorium, hiervan afstand doen.

7.3 AANBEVELING: TWEEDE LOOPBAAN-STUDENTE

Die Algemene Sinode verander par. 4.2.4 van Reglement 4 om te lui:

Die NG Kerk vereis dat persone wat toegelaat wil word tot die bediening ten minste die laaste drie jaar van die opleiding voltyds aan een van die kerklik-erkende opleidingsentra moet voltooi. In die geval van tweede loopbaan studente en ander hoogs uitsonderlike gevalle kan AKTO, op voorlegging van 'n kuratorium, hiervan afstand doen.

8. ALTERNATIEWE BANE

8.1 AGTERGROND

AKTO het onder andere bespreking gevoer oor die beskrywing van Artikel 9 van die Kerkorde.

Hierbenewens is daar groot begrip vir die feit dat daar alternatiewe bane van opleiding moet wees - ook 'n bepaalde aansluiting en ooreenstemming insake sake soos die opleiding van jeugwerkers. Daarbenewens moet aandag gegee word aan die opleiding van dowe lidmate as predikante.

8.2 AANBEVELING: ALTERNATIEWE BANE

Die Algemene Sinode versoek AKTO en die ATR om voort te gaan en moontlike alternatiewe bane van opleiding te ondersoek en daarvoor met die Familie van NG Kerke in gesprek te bly.

9. GRAADSTRUKTUUR

9.1 AGTERGROND

AKTO was die afgelope paar jaar gereeld op hoogte gehou met die vordering / nie vordering aan die graadstruktuur soos wat dit voorgestel is deur die SGB (Standardized Generating Body) vir teologiese opleiding. Hieraan het verskillende rolspelers meegewerk soos SACTE (South African Council for Theological Education), FUTE (Forum for University Theological Education). Hierbenewens word sake gekontroleer deur SAKO (Suid-Afrikaanse Kwalifiserings Owerheid) en die Raad op Hoër Onderwys.

Daar word by die verskillende opleidingsentra aandag gegee aan herkurrikulering. Dit is egter duidelik dat herkurrikulering ingrypend bepaal word deur die graadstruktuur.

Ten einde 'n bietjie agtergrond te gee oor hierdie omvattende saak, word die kommentaar wat prof HL Bosman (Stellenbosch) opgestel het oor die nuutste voorstelle rakende die kwalifikasieraamwerk vir die graadstruktuur (Aug 2006), hierby aangeheg. Dit gee die agtergrond. Sedertdien het daar nog geen verwickelinge op hierdie terrein plaasgevind nie.

Kommentaar op die nuwe “Higher Education Qualifications Framework” Augustus 2006

1. Inleiding

Op kort kennisgewing (binne 48 uur!) moes fakulteite reageer op die lankverwagte finale weergawe van die “Higher Education Qualifications Framework”. US se kommentaar gedurende die eerste rondte van konsultasie (Aug 2004) is tot 'n groot mate ondervang. Die versoek is nou om insette te maak met betrekking tot die 2004-opmerkings waarop nie positief gereageer is nie, asook nuwe insette wat nog nie voorheen ingedien is nie.

2. Hoof trekke van nuwe Kwalifikasieraamwerk

2.1 Doelwitte:

- a) “A single qualifications framework for a diverse higher education system.”
- b) Moet bydra tot die handhawing van akademiese norme en standaarde in Hoër Onderwys.
- c) Die raamwerk volg 'n “nested approach” tot die ontwerp van kwalifikasies = omskrywings van kwalifikasies moet vanaf generiese na spesifieke standaarde ontwikkel word. By voorbeeld:
 - * NKR vlak – Wat is die generiese vaardighede wat op vlakke 5 – 10 vereis word?
 - * Kwalifikasie tipe / “descriptors” – Sertifikate, diplomas en grade word aan NKR vlakke gekoppel en die vereiste uitreevereistes moet duidelik en samehangend omskryf word.
 - * Kwalifikasie benamings / “designators”: Bv B Th, M Div ens.
 - * Kwalifikasie spesialisering: Bv M Th in Praktiese Teologie.
- d) Verskillende “volumes van leer / volumes of learning” word veronderstel binne 'n kredietstelsel waar een krediet 10 ure van studie veronderstel:
 - * Diploma, Baccalaureus & Hons = 30 weke voltydse akademiese jaar X 40 uur per week – 120 krediete.
 - * M- en D-kwalifikasies = 45 weke voltydse akademiese jaar X 40 uur per week – 180 krediete.
- e) Krediete wat by een instelling verwerf word moet na 'n ander instelling oorgedra kan word. Verdere ondersoek word onderneem mbt 'n samehangende CAT (credit accumulation and transfer) stelsel.

2.2 NKR (Nasionale Kwalifiserings Raamwerk) Vlakke:

- a) NKR / NQF bestaan uit 10 vlakke.
- b) Vlakke 5-7 = voorgraads.
- c) Vlakke 8-10 = nagraads.

2.3 Kwalifikasie tipe:

- a) Voorgraads (5x): Higher Certificate, Advanced Certificate, Diploma, Advanced Diploma, Bachelor's Degree
- b) Nagraads (4x): Postgraduate Diploma, Bachelor Honours Degree, Master's Degree, Doctoral Degree.

2.4 Implimentering

1 Januarie 2009 – met die moontlikheid dat daar 'n oorgangperiode moet wees vir die uitfasering van bestaande programme. Die besonderhede van die oorgangperiode sal na konsultasie bekend gemaak word.

2.5 Toelatingsvereistes

Vanaf begin 2009 word die National Senior Certificate vereis.

3. Implikasies vir Teologie

3.1 Naas 'n driejarige Baccalaureus (vlakke 5-7 = 360 krediete) word 'n vierjarige “professionele” Baccalaureus (vlakke 5-8 = 480 krediete) toegelaat. Dit is onduidelik of B Th as “bachelor degree designator” beide vir die “gewone” [3-jarige] en die “professionele” graad gebruik gaan word? Laasgenoemde sou ook toegang tot M-studie kan verleen. Op voetspoor van die Hons sal die B Th 25% navorsing moet insluit.

3.2 Dit word nou toegelaat dat sekere kwalifikasies WIL (“Work Integrated Learning”) insluit = “incorporate periods of required work that integrate with classroom study Must be appropriately structured, properly supervised and assessed.” Implikasies vir die moontlike integrering van 6e jaar (Lisensiaat) oor eerste 5

jaar (B Th + M Div) as probleembewussynskeppende praktykblootstelling?

3.3 Die saak van CAT (credit accumulation and transfer) gaan dringende aandag geniet. Dit kan implikasies hê vir die aanbieding van kort kursusse (BUVTON) en tweede loopbaan teologiese studente wat tans 'n minimum van twee jaar vir die B Th moet doen

3.4 Daar is 2 tipes Meestersgrade: a) een samehangende tesis = 180 krediete; b) navorsing wat 'n minimum van 33% behels PLUS gedoseerde onderrig / "course work". [beide = 180 krediete op vlak 9]

3.5 Die doktorsgraad behels 360 krediete op vlak 10: hoewel bykomende "course work" vereis kan word, kan dit nie krediete verwerf nie. Vereis hoëvlak navorsing wat 'n betekenisvolle bydrae tot vakgebied lewer.

9.2 AKTO REAKSIE

Tydens sy jongste vergadering het AKTO onder andere die volgende besluit:

9.2.1 Dat met inagneming van die "Profiel van die pas-gelegetimeerde predikant", die "Predikantebeleid A-Z" en die nuwe Kwalikasieraamwerk vergelykbare gehalte teologiese onderrig binne die NGK-familie nagestreef word.

9.2.2 dat teologiese leerinhoude in ooreenstemming sal wees met Gereformeerde etos, belydenis en tradisie; en terselfdertyd die eietydse verskeidenheid van bedieningsbehoefte in die NG Kerk-familie sal aanspreek;

9.2.3 dat dringende aandag verleen sal word aan die instelling van 'n subkomitee waarin alle lede van die NG Kerk-familie verteenwoordig word om die kurrikulering van teologiese opleiding na afloop van die NG Kerk se Algemene Sinode te ondersoek.

9.3 AANBEVELING: GRAADSTRUKTUUR

Die Algemene Sinode versoek AKTO om omvattend - saam met die ander lede van die NG Kerk-familie - aan die kurrikulering en die graadstruktuur aandag te gee.

10. SPIRITUALITEITSVORMING

Hierdie saak is by verskeie vergaderings indringend bespreek. Hoewel daar geen aanbevelings gemaak word nie, is die saak voortdurend op die agenda van AKTO

11. 2009 US

11.1 AGTERGROND

Teologiese opleiding by die Teologiese Kweekskool in Stellenbosch (tans Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch) het in 1859 begin. AKTO is meegedeel dat die Fakulteit groot planne beraam vir die viering van 150 jaar se teologiese opleiding in Suid-Afrika. Verdere mededelings sal mettertyd gedoen word.

11.2 AANBEVELING: STELLENBOSCH 150 JAAR

Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dankbaar vir die feit dat teologiese opleiding in 1859 in Stellenbosch 'n aanvang geneem het en die positiewe invloed wat dit oor al die jare in die Suid-Afrikaanse samelewing uitgeoefen het. Die fakulteit word sterkte toegebid vir die toekoms.

12. ALGEMENE KURATORIUM

AKTO het kennis geneem van die instelling van 'n Algemene Kuratorium. Daar is bepaalde voor- en nadele. AKTO is onder die indruk dat 'n liggaam nie oor homself aanbevelings kan maak nie. Daarom is daar geen besluit hieroor geneem nie.

13 VOORTGESETTE TEOLOGIESE OPLEIDING: VOORTAAN VBO

13.1 AGTERGROND

Die Voortgesette Teologiese Opleiding-Forum (VTO-forum) het na verloop van 'n paar jaar weer byeengekom. Die behoefte aan gesamentlike gesprek raak al meer in die lig van die verpligte voortgesette opleiding. Die VTO-forum is van mening dat die meer korrekte beskrywing van die aard van die opleiding verwoord moet word as VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING (VBO). Hierdeur word nie enigsins afbreuk gedoen aan die feit dat dit teologies van aard moet wees nie - die klem lê op die teologiese vaardigheid met die oog op die bediening.

13.2 BEHOUD VAN BEDIENINGSVAARDIGHEID EN -VREUGDE

BEHOUD VAN BEDIENINGSVAARDIGHEID EN -VREUGDE **Bekendstelling van die beoogde Voortgesette Bedieningsontwikkeling**

Die N G Kerk is ernstig is oor sy roeping in hierdie land. Hierdie deel van die liggaam van Christus in Suider-Afrika wil, saam met ander, in belang van die koms van God se Koninkryk 'n verskil maak.

Gelukkige predikante speel in die vervulling van hierdie roeping 'n belangrike rol. Predikante met bedieningsvreugde kan gemeentes help om hulle roeping met teologiese integriteit te vervul.

Bedieningsvreugde en bedieningsvaardigheid is twee sleutelbegrippe in die beleid van die NG Kerk oor voortgesette bedieningsontwikkeling. In die woorde van die beleid:

- * Lewenslange leer en ontwikkeling is basiese voorwaardes vir lewens- en bedieningsvreugde.*
- * Self- en onderlinge sorg is basiese waardes in die behoud van bedieningsvaardigheid.*
- * Voortgesette teologiese en ander toepaslike opleiding is vir die behoud van bevoegdheid en bedieningsvaardigheid verpligtend en afdwingbaar.*

Mag dit nooit nodig word om dit af te dwing nie. 'n Kerk wat oor sy roeping ernstig is, wil nie graag dwing nie, maar moet ook gewillig wees om in belang van dit waaroor hy ernstig is, ernstig te wees.

Die agenda agter voortgesette bedieningsontwikkeling is dus die behoud van vaardige en gelukkige predikante. Daarom is bedieningsontwikkeling meer, baie meer as 'formele opleiding. Die verantwoordelikheid van die predikant is "selfsorg en samewerking met die kerkverband in belang van goeie voortgesette bedienings- en persoonsontwikkeling".

Die beleid bedoel met "selfsorg die hele spektrum van menswees en predikante word aangemoedig om aan die volgende sake aandag te gee:

- * geestelike welsyn*
- * liggaamlike welsyn*
- * psigiese welsyn*
- * sosiale welsyn*
- * materiële welsyn*

Van elke leraar word verwag om in 'n mentorverhouding met 'n kollega te staan. Van predikante aan die begin van hul bediening word vereis om vir ten minste twee jaar saam te werk met 'n mentor wat die program van die Algemene Sinode volg.

Selfstudie is deel van die persoonlike selfsorg in die lewe van 'n predikant.

Die rol van die verband word in detail in die beleid beskryf. Deel van hierdie verantwoordelikheid is dan om vir voortgesette bedieningsontwikkeling voorsiening te maak. In belang van die behoud van "beroepsvaardigheid" is dit tog belangrik. Die verband oordeel dat behoud van vaardigheid (of bekwaamheid) vir die behoud van bedieningsvreugde nodig is. Binne ons tradisie is dit mos nie vreemd nie. Die klem op deeglike teologiese opleiding voor ordening geld tog ook na ordening.

In ander beroepe word dit beroeps- of professionele vaardigheid genoem. Hoeveel te meer by ons wat werk met die gemeente wat teen 'n prys gekoop is nie.

Die drie VBO instansies (in samewerking met die Algemene Kuratorium) dra die verantwoordelikheid om minstens leiding te neem in die

- * bepaling van wat die behoeftes van predikante in bogenoemde verband is;*
- * die ontwikkeling van opleiding wat bedieningsontwikkeling dien en fasiliteer;*
- * die ontwikkeling van kursusse en ander programme wat ook in die behoefte aan teologiese opskerpings voorsien;*
- * stel van standaarde vir die verband ten einde te help in die bepaling van wat nodig is vir behoud van bevoegdheid.*

As norm vir wat as krediete beskou word, word die internasionale norm gebruik van kontak met persone wat oplei (soos byvoorbeeld dosente) en met die materiaal waarvoor die opleiding gaan. Elke tien (10) uur kontak met opleier en materiaal gee aan die leerder 1 (een) krediet. Baie predikante wil graag ook hierdie krediete vir verdere nagraadse studie aanwend. Om hierdie behoefte van die begin af te ontmoet, word van

akademiese en professionele krediete gepraat. Die enigste verskil is dat akademiese krediete slegs verwerf word wanneer aan gepaste en sinvolle vorme van evaluering deelgeneem word - soos byvoorbeeld die voorbereiding van werkstukke wat byvoorbeeld oor die bedieningswaarde van die materiaal en opleiding handel. Die vorm van evaluering sal voortdurend in oorleg met alle rolspelers uitgeklaar word om te verseker dat dit vir predikante gepas en sinvol is.

Uit die aard van die saak is daar meer kontak met die materiaal wanneer aan evaluering deelgeneem word.

Voorbeeld:

Wanneer iemand 'n drie-dag kursus bywoon kan gemiddeld 15 lesings ingepas word. Voeg hierby 15 uur se leeswerk en die skryf van 'n taak en so 'n persoon verwerf 3 akademiese krediete vir die 30 uur kontak met 'n dosent en toepaslike en sinvolle evaluering. Hierdie krediete geld as akademies en as professioneel. Die persoon het dus drie krediete.

'n Ander persoon woon dieselfde kursus by, maar neem nie aan evaluering deel nie en was slegs 15 uur aan die "dosent" blootgestel. So iemand verwerf 1,5 professionele krediete en het dus 1,5 krediete.

Vir die huidige word die volgende in die vooruitsig gestel:

- 1 Predikante in die groepe (bereken teen jare in die bediening) verdeel: (hierdie verdeling hou verband met navorsing wat reeds in die tagtiger jare aan UP gedoen is)
 - 1.1 die eerste drie jaar in die bediening
 - 1.2 4-10 jaar in die bediening
 - 1.3 11 jaar plus in gleuwe van 5 jaar.
- 2 Die totale aantal krediete word ook in ure uitgedruk om 'n aanduiding van die tyd wat betrokke is, te kry. NB: Hierdie vereiste aantal krediete sluit byvoorbeeld die mentor program, sinodale konferensies en ander goedgekeurde opleiding in. In die lig van die feit dat Fakulteite met herkurrikulering besig is en dat sekere 'vakke' na die eerste drie jaar in die bediening mag oorskuif, word heelwat meer akademiese krediete vir hierdie gleuf voorsien.
- 3 'n Derde beginsel wat gebruik word is dat daar wel ook aan evaluering deelgeneem moet word. Die behoud van vaardigheid en bekwaamheid vra tog ook dat aan teologiese opleiding deelgeneem word. 'n Kleiner persentasie van die krediete moet dus 'akademies' van aard wees, bedoelend dat aan gepaste en sinvolle evaluering deelgeneem word.
- 4 Hoewel die detail nog uitgewerk moet word, word die beginsel aanvaar dat persone tydens byvoorbeeld nagraadse studie krediete verwerf. Dit geld ook die skryf van artikels in geakkrediteerde tydskrifte. Die Forum werk ook aan 'n billike sisteem waarvolgens ander instansies wat opleiding aanbied, kan aansoek doen om akkreditering vir opleiding binne die VBO program van die N G Kerk.
- 5 Die VBO-Forum werk voortdurend aan kernwaardes vir hierdie program. Drie baie prominente en prioriteitswaardes is byvoorbeeld:
 - * alle aanbiedinge, ook die akademiese, moet op die bediening van predikante gerig wees;
 - * die missionale verstaan van die gemeente en bediening is 'n gegewe;
 - * alle aanbiedinge moet die teologie in belang van die bediening integreer en koördineer.
- 6 Die VBO-Forum is in oorleg met die Algemene Kuratorium besig om 'n kurrikulum vir die tydsgleuwe uit te werk. Hierdie aanbod sal in oorleg met alle rolspelers 'voorlopig' gefinaliseer word. Die 'spyskaart' word dan aan predikante gebied, met genoeg ruimte vir behoefte bepaalde keuses.

Skematies kan die krediete wat ver wag word (vir die loodsfase) soos volg voorgestel word:

Jare in bediening	Aantal krediete per jaar en getal wat evaluering insluit	Aantal Ure per jaar*2
1 - 3 jaar	10 per jaar (waarvan 3 met evaluering*1)	100 uur per jaar
04 - 10 jaar	5 per jaar (waarvan 2 met evaluering)	50 uur per jaar
11+ jaar	5 per jaar (waarvan 3 met evaluering)	50 uur per jaar

*1 Bereken teen 1 Onderrig-eenheid (Akademiese Krediet) per 10 uur kontak met dosente en materiaal

*2 Die Voortgesette Bedienings Ontwikkeling (VBO en VTO) dek die hele spektrum van die teologie.

Die aanvanklike gedagte was dat alle predikante 10 krediete per jaar verwerf (100 uur per jaar). Hierdie droom is nie laat vaar nie, maar na baie samesprekings word bogenoemde as leidraad vir en tydens die loodsfase aanbeveel.

13.3 AANBEVELING: VBO

13.3.1 Die Algemene Sinode keur goed dat daar voortaan van Voortgesette Bedieningsontwikkeling verwys moet word in plaas van Voortgesette Teologiese Opleiding. Waar nodig moet die toepaslike verwysings in die Kerkorde aangebring word.

13.3.2 Die Algemene Sinode bekragtig die dokument “**BEHOUD VAN BEDIENINGSVAARDIGHEID EN –VREUGDE**” as uitgangspunt vir die loodsfase van voortgesette Bedieningsontwikkeling.

14. KONFERENSIES: TEOLOGIESE OPLEIDING

AKTO moedig graag konferensies of simposiums in streeksverband aan na afloop van die Algemene Sinode waar die betrokke rolspelers verder oor die saak van teologiese opleiding kan besin.